



Dana Snyman skryf oor
woede: '(Dit) maak jou
iets minder as 'n mens.
Ek voel dit. Dit is hier.
In my.'
– Bl 20

Cas Wepener skryf oor
Lydenstyd: 'Mense
is voos en broos
en smag na
Sabbatsrus.'
– Bl 12



KERKBODE

Vandag se kerkkoerant vir vandag se kerkmense

5 Maart 2021

www.kerkbode.co.za • facebook.com/kerkbode

Deel 206 – Nommer 3



Foto: Le Roux Schoeman

“Daar is geen ander Bybelboek wat meer oor die mens praat, en dit wat hom/haar in hulle diepste wese dryf, as die **Psalmboek** nie. In bykans elke psalm klink daar iets op van **menslike leed, honger, dors, armoede, ekonomiese rampspoed, geestelike nood, dood, angs, onderdrukking, geweld, eensaamheid, verlatenheid ...** Kortom, vasgeloopte lewens in enige denkbare vorm, maar lewens nie sonder hoop nie!”

Bl 10-11, 15

Die nuwe Verklarende Studiebybel *is nou beskikbaar!*

Die vertroude 1933/1953-vertaling is nou beskikbaar met nuwe verklarende notas, inleidende artikels, temas en teksverduidelikings.

Die Verklarende Studiebybel is spesiaal saamgestel om:

- ☛ jou Bybelkennis te verbreed
- ☛ jou te help om persoonlike Bybelstudie te doen
- ☛ en jou geestelik te laat groei.

Die nuwe Verklarende Studiebybel bevat:

- ☛ die 1933/1953-vertaling
- ☛ “Bestudeer die boek”-kassies vir vernaamste temas en leringe
- ☛ Vers-vir-vers-voetnotas
- ☛ Boek-vir-boek-inligting met inleidende artikels tot elke Bybelboek
- ☛ 21 onderwerp-vir-onderwerp-artikels
- ☛ Volkleurkaarte



Afrikaans
(1933/1953)
Groen
Hardeband
R299



Afrikaans
(1933/1953)
Kaneel
Egte leer
R799



Afrikaans
(1933/1953)
Swart
Egte leer
R799



Afrikaans
(1933/1953)
Wynrooi
Egte leer
R799

Gratis werkboek vir klein-groepe, gemeentes en leraars

“Covid-19: ’n ingrypende en stormagtige tyd! Ingrypende tye vra vir ingrypende leierskap. Wat is die aanpassings wat ons as geloofsgemeenskap moes oorweeg en uiteindelik geïmplementeer het?”

Só lui een van die groeps gespreks- vrae somer vroeg-vroeg in ’n nuwe werkboek wat pas elektronies verskyn het en gratis by Christelike Lektuur-fonds (CLF) se webwerf afgelaai kan word.

Wat hierdie hulpbron besonders maak, is die feit dat al vier die grootste gereformeerde kerke in Suid-Afrika hieraan meegewerk het, volgens prof Hoffie Hofmeyr, die hoofredakteur van die publikasie wat 33 bladsye beloop en videoskakels en ander interaktiewe elemente bevat.

Rondom ses aktuele temas wat oor ses weke behandel kan word, bied die werkboek riglyne vir groeps gespreksgeleentheid, preeksetse asook ’n leiersgids vir gebruik in gemeentes. Die ses temas is:

- Die kerke, verlede en hede
- Die moontlike, waarskynlike en verkieslike toekoms
- Kerkkrimping en missionale kerke-wees
- Eenheid en versoening
- Die kerk op die platteland, te midde ook van Covid-19
- Covid-19 en die toekoms.

“Ons hoop dat hierdie werkboek ’n waardevolle aanwinst vir die kerk van Jesus Christus in suidelike Afrika oor die algemeen, maar ook vir baie verskillende gemeentes sal wees. Ons vertrou dat



Nuwe hulpbron: Hierdie “Werkboek” het natuurlik ’n besondere en addisionele relevansie en betekenis gekry sedert die ingrypende nuwe werklikheid van Covid-19 wat ons hele wêreld getref het, volgens prof Hoffie Hofmeyr, die hoofredakteur.

Foto ter illustrasie: Le Roux Schoeman

dit Christene op hierdie subkontinent sal help en toerus om ’n onseker toekoms as gevolg van Covid-19, maar ook baie ander faktore, tegemoet te tree,” skryf Hofmeyr in die voorwoord.

Popia: Sperdatum wink vir kerkkantore

JACOBIE M HELENA

Kerkkantore en ander kerklike instansies het tot 30 Junie 2021 om aan die nuwe wetgewing rondom Beskerming van Persoonlike Inligting (Popia) te voldoen, luidens ’n verklaring wat op Donderdag 25 Februarie deur dr Gustav Claassen, algemene sekretaris van die NG Kerk, uitgereik is.

Popia stel streng vereistes vir die insameling, gebruik, berging en vernietiging van persoonlike inligting. Dié wetgewing het op 1 Julie 2020 in werking getree en instansies het 12 maande tyd om aan die wetsvereistes van die wet te voldoen, het *Rapport* verlede jaar met die aanvang van die wet vroeg in Julie berig.

Die Algemene Sinode van die NG Kerk het die Algemene Taakspan Regte (ATR), in oorleg met die Argief Taakspan, opdrag gegee om ’n toepaslike Popia-handleiding vir kerklike argiewe, sinodes en hulle gemeentes, ringe, kerklike instansies soos kerkkantore asook kerklike media saam te stel wat aan die vereistes van die Popia-wetgewing (Wet 4 van 2013) voldoen. Kerkkantore beskik oor baie persoonlike inligting van lidmate en daarom moet met sorg met die inligting omgegaan word, luidens die verklaring.

Hoe raak die Popia-wetgewing kerkkantore?

- Kerkkantore moet elkeen ’n inligtingsbeambte aanstel wat sal toesien dat daar aan die Popia-wetgewing voldoen word.
- Daar moet ’n Popia-handleiding vir elke kerkkantoor opgestel word.
- Elke kerkkantoor moet oor ’n Popia-bewusmakingsprogram beskik.

Wat word as persoonlike inligting beskou?

- Identiteits- en paspoortnommers
- Geboortedatums en ouderdomme
- Telefoonnommers
- E-posadresse
- Fisiese adresse
- Geslag, ras en etniese oorsprong
- Foto’s, stemopnames, video-opnames (CCTV), biometriese data
- Huwelikstatus en familieverbande
- Kriminele rekord
- Private korrespondensie
- Godsdienstige en filosofiese oortuigings en politieke opinies
- Indiensnemingsrekords en vergoedingsinligting
- Finansiële inligting
- Opvoedkundige inligting
- Fisiese en psigiese gesondheidsinligting, mediese geskiedenis, bloedgroep en seksualiteit
- Lidmaatskap van verenigings en organisasies.



Juffrou Irma Julies, die departementshoof van die grondslagfase, hou al 31 jaar skool by Soetendal. Hier verwelkom sy die leerders. Foto: Robert Cable

BM help leerders toerus vir skooljaar

CONETTE LE ROUX

Die graad 1- en graad 2-leerders van Soetendal Primêre Skool buite Wellington se maskers kon nie eens hulle breë glimlagte op 17 Februarie wegsteek nie.

Bybel-Media en die SA Voedingsprojek het hande gevat om te sorg dat dié leerders, wat van omringende plase afkomstig is, met skryfbehoeftes en boeke vir 2021 gewapen is.

“Bybel-Media het ’n groot hart vir kinders. Ons het gehoor dat die jongste leerders van Soetendal boeke en skryfbehoeftes benodig. Daarom het ons 100 bederfpakkies met Bybelse aktiwiteitsboekies en ook ’n groot klomp skryfbehoeftes gegee,” het Amanda van der

Westhuizen, Bybel-Media se bemarkers gesê.

Dié skenking vorm deel van Bybel-Media se Kinderkerskousprojek wat veral op die geestelike ondersteuning van kinders fokus.

Ada Joubert, stigter van die nieregeringsorganisasie (NRO) SA Voedingsprojek, skenk gereeld kos en benodigdhede vir dié skool, wat reeds die afgelope 61 jaar vir die skoling van die laerskoolleerders van die omgewing verantwoordelik is. Die SA Voedingsprojek het vir elke leerder ook ’n sakkie met skryfbehoeftes sowel as ’n kospakkie gegee.

• Kontak amanda@tydskrifte.co.za vir die moontlikheid om deur die Kinderkerskousprojek ondersteun te word.

Span in Bloem ondersoek klag deur Johann Ernst

’n Ondersoekliggaam saamgestel uit lidmate van die NG Kerk Vrystaat is besig met ’n ondersoek na aanleiding van klagtes wat dr Johan Ernst teen dr André Bartlett gelê het dat (Bartlett) die negende gebod sou oortree het.

“Ons glo (*Kerkbode*) sal verstaan dat ons ter wille van al die persone betrokke en die billike verloop van die ondersoek met hierdie inligting volstaan (Reglement 22, punt 8.1.3),” het dr Bertus Celliers by navraag namens die ondersoekliggaam gesê.

Die ondersoek het in Desember begin, moes weens Covid-verwante redes twee keer uitgestel word, en word nou van 10-12 Maart 2021 in Bloemfontein voortgesit.

Bartlett is voorsitter van Hoëveld Sinode en Ernst ’n voormalige lid van die Algemene Sinode se moderatuur.

Volgens die bepalinge in die teregulement doen die ondersoekliggaam na afloop van die ondersoek aan die Ring van Johannesburg, die kerkraad van die Johannesburg-gemeente, die kuratorium van Pretoria, die regs kommissie van die Hoëveld Sinode en die Algemene Taakspan Predikantesake verslag oor die bevindings wat gemaak is.

Die betrokke gebod lui: “Jy mag nie vals getuie teen ’n ander gee nie.”

Toe roep sy uit: 'Teacher, I can!'

NEELS JACKSON

Hierdie is 'n storie van lig wat in die donker skyn. Dit is die verhaal van Christus wat verskillende lede van sy liggaam van verskillende kante van die aarde af byeen bring om hoop te bring in die lewe van die kwesbaarstes.

Een deel van die verhaal begin teen 2008 by Pennies, 'n kleuterskool van die Pretoriase middestadsbediening PEN. Rieneke Schutte, destyds hoof van Pennies, vertel dat hulle tóé begin bewus word het van onopgeleide vroue wat bedags na kleuters omsien terwyl hulle ouers gaan werk.

Vroue soos Belinah Mabungu wat by Pennies gaan aanklop het vir hulp en leiding. Sy vertel dat sy nie geweet het wat om met die kinders te doen nie.

Dit is hierdie kinders wat die kwesbares van die verhaal is: kleuters uit 'n arm omgewing wat dikwels min stimulasie kry, wat nie leer tel nie, wat nie vorms of kleure ken nie, wat nie opdragte kan uitvoer nie, wat soveel ander basiese vaardighede nie bemeester nie.

Dit is 'n hartseer verhaal wat herhaal-

delik in arm gemeenskappe afspeel: Kleuters wie se ontwikkeling so ver agter raak dat hulle glad nie skoolgereed is teen die tyd wanneer hulle moet skool toe gaan nie. Hulle word kinders, soos iemand dit eens gestel het, "oor wie die skoolstelsel met brutaliteit spoel", want hulle het nie die vermoë om in te neem wat die skoolstelsel hulle bied nie. Uiteindelik het hulle as volwassenes min vaardighede vir die arbeidsmark. Daarom bly hulle vasgevang in armoede.

Maar by PEN is die nood van Belinah Mabungu, ander vroue soos sy, en die kinders in hulle sorg raakgesien.

'n "Pre-school forum" is in die lewe geroep waar die Belinachs gehelp en ondersteun is, waar hulle geleer word hoe om met die kinders te werk, waar daar weekliks op temas besluit word wat met die kleuters behandel kan word en waar lesplanne vir die volgende week uitgewerk word.

Een manier waarop PEN die vroue –

hulle word nou "care-givers" genoem – ondersteun, is deur 'n speelgoedbiblioteek waar hulle goeie tweedehandse speelgoed kan leen as hulpmiddels vir die volgende week se lesse.

Die plekke waar kleuters bloot opgepas is, is geleidelik omskep in klein kleuterskole waar die kleintjies tot so 'n mate skoolgereed gemaak word, dat laerskole in die omgewing hulle graag inneem.

Dit is nie net die kleuters wat groei nie. Die vroue wat vroeër bloot opgepas het, leer vaardighede aan wat hulle laat voel dat hulle regtig vir die kinders iets beteken, wat hulle eie selfwaarde verhoog.

Belinah se verhaal is een van die merkwaardiges. Rieneke, wat nou PEN se spanleier vir die bediening aan jong kinders is, vertel Belinah het elke geleentheid wat sy gekry het, aangegryp. Nou is Belinah die bestuurder van PEN se kleuterskoolforum in Sunnyside.

Die hele projek bestaan nou uit vyf kleuterskoolforums: Sunnyside, Winterveld, Nelmapius, Johannesburg en Kagiso by Krugersdorp. Hulle bedien sowat 60 ontlukende kleuterskole wat voor die pandemie meer as 3 000 kleuters gehad het.

Die ander deel van die verhaal begin by eerwaarde Nancy Schongalla-Bowman, toe nog die direkteur van studentebespreking by die Princeton Teologiese Seminarium in die VSA. Nancy is ook 'n vriendin van prof Malan Nel en sy vrou Marlèse, wat Princeton gereeld op studietoere besoek het.

Met die Nels se advies het Nancy Suid-Afrika besoek. Sonder hulle medewete het sy in Kaapstad 'n township-toer gedoen. In Langa is sy aangegryp deur 'n goeie kleuterskool wat in 'n see van armoede 'n groot verskil maak.

Toe hulle later gesels, sê Nancy vir Marlèse sy wil graag vir dié kleuterskool speelgoed stuur, maar sy weet nie wat nie. Waarop Marlèse vir haar sê sy het jare lank 'n winkel gehad wat opvoedkundige speelgoed verkoop het. Sy ken die veld. Sy kan help.

Met Marlèse se hulp het Nancy toe vir die kleuterskool in Langa 'n besending opvoedkundige speelgoed gestuur. Maar Nancy wou meer doen. Daarom het sy 'n organisasie in die VSA gestig met die naam Adopt a South African Pre-School (Asap). Die gedagte was dat Asap 'n kanaal sou wees waardeur donateurs Suid-Afrikaanse kleuterskole in arm gemeenskappe kan ondersteun.

Marlèse het die droom gedeel, maar vir Nancy gesê die projek kan net regtig werk as daar opleiding by is. As die kleuterskole nie weet hoe om die speelgoed te gebruik nie, help dit nie.

En dit is waar PEN se kleuterskoolfo-

“Sy het gesukkel met die bakkies, maar toe sy uiteindelik tog haar toring bou, roep sy skielik uit: 'Teacher, I can!' Sedertdien praat sy land en sand.”



'n Dogtertjie bou 'n toring uit plastiekbakkies, 'n oefening wat onder meer help om haar oog-hand-koördinasie te ontwikkel. Die bakkies word ook gebruik om die kinders kleure te leer en om hulle te leer tel.

Foto's: Neels Jackson



'n Muur van vreugde word gevorm deur 25 plastiekkrate vol opvoedkundige speelgoed vir PEN se kleuterskoolforums. Agter die muur staan van links Pinky Mamosebo, Lerato Vilakazi, Rieneke Schutte, Marlèse Nel, Belinah Mabungu en Busisiwe Matamela.

rum s inkom. Die NG gemeente Stellastraat in Pretoria, waar Marlèse lidmaat is, het jare lange bande met PEN en hulle sou die kanaal kon wees waardeur Asap hulle donasies kon kanaliseer.

Die eerste daarvan het in 2020, te midde van die Covid-19-pandemie, 'n werklikheid geword. Asap het 'n groot donasie gemaak en dit deur Stellastraat gekanaliseer.

Met die kleuterskole se leerplan, die ouderdomme van 2 tot 6 jaar oud, die vaardighede wat kleuters moet aanleer

en die verskillende vaardigheidsvlakke van die care-givers in gedagte, het Marlèse besluit watter speelgoed aangekoop moet word.

Uiteindelik is 25 krate met speelgoed gepak en by PEN afgelewer. Marlèse het vir Busisiwe Matamela, een van die vroue wat die care-givers oplei, geleer hoe om dit te gebruik. "Ek is sprakeloos," het Belinah gesê. "Ek is oorweldig," het Rieneke opgemerk. Busisiwe het saggies opgemerk: "God is goed."

Intussen is daar begin om die speelgoed te gebruik. Rieneke sê nou kan elke kind in 'n klas 'n speelding hanteer. Daar is genoeg. Dít maak 'n groot verskil.

Sy vertel van 'n klassie waar die kleuters met plastiekbakkies gespeel het wat in mekaar pas, maar waarmee 'n mens ook 'n toring kan bou. Een dogtertjie het 'n paar weke tevore in die kleuterskool gekom, maar niks gepraat nie. Hulle het gewonder of sy kan praat.

Sy het gesukkel met die bakkies,

maar toe sy uiteindelik tog haar toring bou, roep sy skielik uit: "Teacher, I can!" Sedertdien praat sy land en sand. Dit was 'n deurbraak wat gehelp het om daardie dogtertjie se toekoms te ontsluit. Dit is sulke "I can"-oomblikke wat hulle wil skeep, sê Busisiwe.

Danksy die volgende Asap-donasie is daar eersdaags nog veertien krate met speelgoed op pad na PEN toe. Want God is goed.

► Neels Jackson is 'n voormalige redakteur van Kerkbode.

Klein venstertjies op God



Kyk op!

"Kyk op na die hemel:
Wie het die sterre geskep?
Hy wat die hemelse leër laat uittrek in
hulle volle getal,
dit is Hy wat hulle elkeen gemaak het.
Met sy groot krag, sy groot mag,
sorg Hy dat geeneen van hulle ont-
breek nie" (Jes 40:26).

'n Leërskaer van sterre uit die hand van die almagtige Skeppergod verlig die donker Karoonag op Grootfontein. Oorweldigend is hulle prag, Hemels. Groots. Onbeskryflik hulle skoonheid. Oor die eeue heen, nag na nag, verkondig hulle één boodskap: Groot is ons Skepper. Almagtig. Onvergelyklik.

– Kobus Smit
fineartamerica.com/profiles/kobus-smit
Foto: Williston

Versterk in ons wortels?

Wat eens 'n perdestal was, is op hierdie wye stuk grond met 'n uitsig op die Hawekwaberge buite Wellington meesterlik in 'n kapel omskep om as een van die hartkamers van die nuwe Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit te dien.

Dit was twee jaar en een globale pandemie gelede. Maar steeds het die kapelmeester 'n klokhelder visie vir hierdie ruimte. Prof Elna Mouton verduidelik hoe die sentrumspan, soos vele in die kerk en samelewing, deur Covid-19 gedwing is om hulleself te vra of hulle werk inderwaarheid as 'n noodsaaklike diens gedefinieer kon word. "Is hierdie 'n luukse of is dit 'n ruimte waarheen mense kan vlug en veilig versorg kan word, met al die maatreëls in plek?" het Mouton die gesprek onlangs tydens 'n sinodale diensgroep-terugvoersessie opgesom.

"Ons het gesê ons wil onself as noodsaaklike diens aanbied. Vir dié wat 'n koelteboom soek. Dat ons die deure van die sentrum onder die huidige omstandighede operasie wil hou," was die gevolgtrekking van hierdie oord wat, met die klem op daaglikse ritmes van kapelbywoning en stilte, 'n belangrike verruiming van die NG Kerk se spiritualiteit verteenwoordig.

Lesers in die noorde en ander uithoeke van die land mag wonder oor die relevansie van hierdie brokkie uit die Boland. Mouton antisipeer die vraag na wyer aktualiteit wanneer sy 'n storie vertel oor 'n destydse herfstydsbesoek aan die VSA. By die Yellowstone-nasionale park leer sy iets van die volop trilpopuliere (of espebome) wat hier aangetrof word.

"Jy kry (die bome) in klein clusters, en soms groter woude as 't ware. Maar die mooiste ding wat ek van espebome ontdek het, is dat hulle deur hulle wortels aan mekaar ge-connect is," vertel Mouton. "Dit is vir my 'n mooi beeld van kerkwees en saam dink en voel. Ook met die mense van ons land en met die 11-plus miljoen wat werkloos is wat ons ook hier verteenwoordig, al is dit op 'n baie gedeeltelike manier. Mag ons in hierdie jaar versterk word in ons wortels."

KONTAK ONS

Teken in op Kerkbode

Viona Ross
Tel 021 864 8278. E-pos: viona@tydskrifte.co.za

Redaksie:

Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur: Le Roux Schoeman

E-pos: leroux@kerkbode.co.za

Joernalis: Jacobie M Helena

Tel 072 828 9760

E-pos: jacobie@bmedia.co.za

Ontwerper: Mario Small

E-pos: mario@kerkbode.co.za

Proefleser: Lambert Jacobs

Advertensies en vakatures:

Hanlie Raath

Sel 072 357 8914

E-pos: woes@mweb.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:

Lida Viljoen

E-pos: lida@tydskrifte.co.za

Tel (Halfdag): 021 864 8202

Bemaking:

Amanda van der Westhuizen, tel 021 864 8231

Nelis Janse van Rensburg

GEDAGTES OOR KERKWEES



Deur 'n Godsbesef oorrompel

Die uitdaging aan die kerk om homself te verantwoord oor sy geloof in God kom dikwels as 'n geskenk. Dan kan ons weer helder en nederig bely wie ons is. Dat dit soms saamval met krisistye in ons menslike bestaan, gee verdere gravitas aan die uitdaging. Daar is 'n sterk oortuiging dat die Swart Dood Plaag wat groot dele van die wêreld getref het tussen die 13de en 17de eeu die oorsprong was van die humanisme en die Verligting. Tussen 75 en 200 miljoen mense is na berekening in Europa, Asië en Afrika dood. Massiewe omvangryke lyding bring altyd nuwe vrae en denke oor die bestaan van God en die geldigheid van geloofs-aansprake.

Die Protestantse beweging, en in die besonder die Gereformeerde tradisie ontstaan in 'n tyd van die opkoms van die geloof in die rede van die mens. René Descartes, die Fransgebore wiskundige, wetenskaplike en filosoof, se uitspraak, "ek dink, daarom is ek", het in die tyd van die Reformasie op 'n besondere wyse die tydsges verwoord en 'n nuwe era ingelei in die denke oor die aard van kennis. Die klem op die rede wat die werklikheid kan ontsluit en ken soos dit is, het by baie begin voorrang geniet. Ander, die sogenaamde empiriste, het daarteenoor beweer dat ons net van ons sintuie afhanklik is om te weet en te ken. Die moderne filosofie is so ingelei deur die vraag oor die gesag van kennisaansprake.

Toenemend is aanvaar dat verskillende soorte kennisteorieë die verstaan van die werklikheid in en om ons toeganklik maak. Ons span ons rede en logika in, ons maak natuurwetenskaplike waarnemings met ons sintuie en, het ons ontdek, ons het aannames wat ons waarnemings en kennis voorafgaan en beïnvloed. Trouens, ons het selfs agtergekom dat dit onmoontlik is om onself as kenners van die werklikheid

los te maak of op 'n afstand te plaas van die werklikheid. Alle kennis bestaan met die veronderstelling dat daar 'n mens is wat ken en wat nie 'n skoon bladsy is wanneer sy/hy waarnemings of aansprake maak oor werklikhede buite hom- of haarself nie. Verskillende modelle van kennis of kenteorieë het mettertyd ontstaan. Die vraag hoe ons God kan ken, het uit die aard van die saak sterk na vore getree. Hoe word ons in staat gestel om gesagvol te praat oor God terwyl God nie op 'n suiwer rasionele manier geken word nie, maar ook nie op 'n sintuiglike manier en met natuurwetenskaplike metodiek ontleed kan word nie? Wat is die aard van geloofskennis?

Teïsme is die oortuiging dat daar 'n goddelike wese is. Hierdie Godsbesef word dikwels gevoed met redelike argumente oor die ontstaan van alles. Alles wat ons ken, so word gesê, kon immers nie ontstaan sonder dat daar 'n intelligente ontwerper was nie. Die kans is groter dat die komplekse werklikhede van die skepping gekom het tot wat dit is deur die hand van 'n ontwerper as deur toeval. Daar moet 'n God wees. Ander gebruik ander rasionele argumente en afleidings om die bestaan van God te verduidelik.

Ons weet egter uit ondervinding dat hierdie argumente nie almal oortuig dat geloofs-aansprake geldig is nie. Ons verstaan ook dat ons denke en spreke oor God altyd na analogie van ons baie beperkte klein begrip van die werklikheid is. Ons praat oor God in metafore en beelde, terwyl ons glo dat Hy altyd meer is as wat ons kan dink of sê.

Vir Christene is die denke en spreke oor God oneindig vergemaklik en vergroot deur Jesus Christus. Hy is die beeld van God, so leer ons uit die Bybel. Hy laai die inhoud van ons Godsbesef. Hy is vir die gelowige die openbaring van God self. Maar om hierdie kennis

van God deur Christus te hê, veronderstel geloof en die veronderstellings waarop geloof berus, is – so moet ons bely – nie altyd so verklaarbaar en verduidelikbaar nie. Dit bring nie altyd teoretici oor kennis se agterdog tot rus nie.

Maar die werklikheid wat gelowiges ken, is dat ons gegryp is, dat ons deur 'n Godsbesef oorrompel is, dat ons op 'n geheimenisvolle manier oortuig geraak het. Dat die oortuiging en Godsbesef meer geword het as net teïsme, daar is 'n God iewers. Jy doen nie juis geloofskennis op in 'n debat oor teïsme nie. Ons kan eerder getuig van die werklikheid van 'n God wat 'n Vader is soos Jesus God beskryf in die gelykenis van die Verlore Seun. Ons kan getuig dat Hy naby aan ons is soos die Johannesevangelie verduidelik, dat Hy in ons is, en ons in Hom. Ons is meer as teïste. Ons kennis word dikwels versterk in die stilte, soms juis ook wanneer ons innerlike storms tot bedaring kom, maar meestal wanneer ons vrae na die betekenis van die lewe, die sin van alles, beantwoord word deur die Godsgeheim van God se nabyheid.

In die geheimenis van God se liefde en trou vind ons die sin van die lewe. En dit wil en moet jy vind. Dit hang nie noodwendig altyd saam met die reëls van verstaanskennis nie, hoewel ook nie daarsonder nie. Die natuur-, mens- en sosiale wetenskappe help ons baie om die werklikheid waarbinne ons leef, te verstaan. Maar op 'n geheimenisvolle wyse word daar in ons 'n besef wakker dat daar meer is as die sienlike en die meetbare. Die werklikheid is groter, meer, onbegryplik meer. Daar is 'n innerlike getuie daaromtrent, daar is 'n openbaring daarvan, en daar is 'n onontkenbare nuwe soort sinvolle lewe daarmee, te midde van ons krisis en ontwrigtings. Dit is hoekom Sheila Cussons se gedig vir my soveel waarde het.

Die sagte sprong deur Sheila Cussons
Dit kom wanneer dit nie verwag word nie:

*'n aanraking van die verstand
lig soos 'n veer, vlugtig maar presies
en jy dink as sy ligtheid so is, so potent
dat die aandag nog lank daarna
die indruk behou, hoe moet sy vasvat
wees?*

*Dit kom wanneer dit nie verwag
word nie: iets wat die bewussyn tot
in die lewe tref, iets soos 'n sagte sprong –
vreugde, verbasing, vreugde, herkenning:
hoe moet u vasvat wees?*

► Ds Nelis Janse van Rensburg is predikant van die NG gemeente Welgemoed en voorsitter van die Algemene Sinode se moderamen.

“Maar die werklikheid wat gelowiges ken, is dat ons gegryp is, dat ons deur 'n Godsbesef oorrompel is, dat ons op 'n geheimenisvolle manier oortuig geraak het.”

Wat Bonhoeffer ons oor kerkwees te midde van Covid-19 kan leer

Jesus is God-met-ons binne-in hierdie gebroke aarde en God deel nie ons vals drome en beloftes van ewige vooruitgang, verbetering en selfgemaakte voorspoed hierdie kant van die graf nie, skryf GUSTAV MEYER.



Daar word gesê ons leef vir die eerste keer wêreldwyd saam in "oorlogtyd". Ons gemeenskaplike vyand is die onsigbare Koronavirus wat die hoogs aansteeklike en dodelike Covid-19-pandemie veroorsaak. Die minimum gevegstoerusting tot ons beskikking is gesigsmaskers, twee meter afstand, seep met 70%+ alkohol, ingegrendel/gordel leef en entstof.

Versigtigheid, vrees, onsekerheid, alleenheid en vinnig verlies verwerk, is ons nuwe normale lewe. Die fisiese, finansiële, sielkundige, emosionele en sosiaal-maatskaplike uitdagings, ongelykheid, verdeeldheid en wonde wat hierdie virusoorlog met sy baie golwe uitdeel, neem traumatiese afmetings oor die aarde aan.

Stadig maar seker kom ons agter, om net te "lockdown", onself in te gordel vir 'n paar weke en dan te probeer terugkeer na 'n vorige veiliger, ou normale tyd, werk nie. Korona gaan nie gou weggaan nie. Alles het verander. Om dit te ontken is om Korona en Covid-19 nie ernstig op te neem nie of jou op vals nuus te verlaat.

Daarom, wat nou?

Wat daarvan as elkeen in ons unieke sosiale, ekonomiese en religieuse kontekste dit probeer regkry om die veranderinge wat Covid-19 meebring te begin erken, omarm, op te hou verlang na die "goeie ou dae" (wat dit ookal beteken) en te herbesin, of te "reset". Miskien sien ons dan selfs 'n nuwe geleentheid of twee raak in dié tyd. Daar is sommige wat al hieroor getuig.

Skryf 'n paar vrae vir jou neer om iewers oor na te dink en probeer dit beantwoord:

- Wat beteken menswees en naaste-liefde nou as ek sosiale afstand moet handhaaf sodat ek wie ek is en wat ek

het met jou kan deel?

- Kan kerk of geloofsgemeenskap wees dieselfde beteken as twee jaar gelede?
- Hoe lyk leierskap nou?
- Hoe werk ons kreatief vorentoe deur al die onvoorspelbaarheid?
- Is ons aanpasbaar?
- Wat beteken geloof in God nou of liewer, wie is Jesus nou vir my of ons?

Ek dink dat Dietrich Bonhoeffer se eie herbesinning ons vandag meer kan help as wat ons mag glo. Bonhoeffer het self deur 'n oorlog (2de Wêreldoorlog) met amper dieselfde eksistensiële vrae geworstel. Nie net geworstel nie, hy was bereid om sy lewe in die geveg vir antwoorde te verloor.

Waarmee Bonhoeffer ons help, is om Jesus Christus werklik eerlik die middelpunt van ons geloof in God en die gebroke werklikheid te maak. Om Jesus die bril te maak waardeur ons na alles, almal en die werklikheid kyk. Ook die kerk en Covid-19. Soos Johannes, Paulus, Luther, Kierkegaard en Barth ken Bonhoeffer geen ander God as die God wie se naam Jesus is nie. Die menslike God.

God, gebore in 'n krip, geleef in die jaar 0-33, gekruisig onder Pontius Pilatus en liggaamlik uit die dood opgewek. "The God-human," skryf Bonhoeffer.

Vir Bonhoeffer is Jesus die menslike, gekruisigde en (steeds menslike) opgestane lewende God hier en nou. In 1940 en in 2021. Jesus deur wie en vir wie alles geskep is en wat alles in die hemel en op die aarde met Homself versoen. God die Vader openbaar in Jesus sy hart en liefde vir ons, maar, en dit is die groot *maar*, op Golgota ook die goddeloosheid en werklikheid van hierdie wêreld. As jy wil weet waar God is soek Hom in die werklikheid, op die aarde, in Covid-19-tyd, aan die kruis waar Hy, soos Johannes sê, as 'n sondaar vervloek hang. Dit is die skande van die kruis. Nie dat God mens word nie, maar soos 'n goddelose sterf vir goddeloses. En dit maak al die verskil volgens Bonhoeffer, want: In Jesus kom God nie om goeie tye en omstandighede op aarde te verseker nie, maar om sy genade te openbaar binne-in 'n stukkende Covid-19-wêreld. Immanuel, God met ons. Wie ons ookal glo ons is of nie is nie.

Jesus se verlossing beteken vir Bonhoeffer nie ontsnap, ontkenning of ruil die aarde vir die hemel in nie. Dit beteken ook nie dat jy net bekommerd is oor jou individuele redding, saligheid en of jy eendag "hemel" toe gaan nie. Verlossing beteken ons glo daar is *niks* wat ons van God se liefde skei nie. Jesus is met ons tot aan die einde. Ook waar mense ly en nie meer glo nie is God teenwoordig. Bonhoeffer stel dit duidelik: Jesus bring God en nie nog 'n godsdien nie.

Jesus bring dus nie 'n nuwe eksklusiewe heiligheidskultuur of geestelike program met doelstellings waarmee die gebroke aarde herbou moet word soos in die paradys nie. Jesus help ons veral ook nie om die werklikheid te sistyp met die soeke na mistieke geestelike gevoelens en kloosterervarings in geboue of in die natuur nie. Oorlogstyd is nie die tyd vir wegbreek nie.

Jesus is God-met-ons binne-in hierdie gebroke aarde en God deel nie ons vals drome en beloftes van ewige vooruitgang, verbetering en selfgemaakte voorspoed hierdie kant van die graf nie. Intendeel, Hy oordeel regverdig oor hierdie idees dat dit gedoem is as leuens.

Vir Bonhoeffer is die koninkryk van God nie 'n volmaakte plek op aarde (soos party dink) waar net moreel voorbeeldige, al hoe meer "heilig"-wordende Christene woon en alle moeikheid al meer wegraak nie. Die koninkryk van God is veral nie iets wat ons moet "uitbrei" oor die aarde met 'n slagspreuk soos "missionaliteit" nie. Nie as jy hiermee sê: regruk, gemeentegroei/oorlewing, nog inligting of die fokus op jou laat val nie. Nee!

Bonhoeffer stel dit duidelik as hy "missionaliteit" verduidelik met 'n wewoep aan almal om in Jesus te kom sterf. "When Jesus calls us, He bids us, come and die ..." Hoe klink dit vir 'n getuiesuitreik?

Die koninkryk van God is die Heerskappy van Jesus, Hy kom met sy wil en bly betrokke by en in ons sonde, liefdeloosheid, onwilligheid, onverantwoordelikheid en selfsugtigheid. Dit is die Heerskappy van God weggesteek in kragteloosheid, magtelosheid, kwesbaarheid, goddeloosheid, dood en eerlikheid. Aan die kruis heers God en vul Jesus persoonlik ons godverlatenheid met sy teenwoordigheid.

Elkeen is sterflik maar menswaardig. Elkeen. Almal.

In skynbaar godverlate plekke en by wat sommige noem "goddelose" immorele mense is Jesus teenwoordig. Ons hoef niks en niemand self beter te maak nie, ons moet stil bly en hulle na Jesus wys. Hopelik deur ons manier van leef.

Bonhoeffer skryf: "Bearing your cross is the way you overcome your suffering ... in the very moment Christ drinks his cup, the suffering passes over Him and becomes the way to *communion* with Gods *grace*."

Covid-19 openbaar nie die gebrokenheid van die wêreld nie, Jesus doen dit aan die kruis. Jesus belowe egter dat ons nie alleen is nie. Hy is hier vir ons as die lewende, steeds menslike God. Tomas kon sy vingers in Jesus se spykerwonde druk na Jesus se opstanding en roep: "Ek glo ... help my in my ongelooft!"

As dit is hoe ons in Jesus glo, kan sy teenwoordigheid vir ons op geen ander

plek meer sigbaar wees as waar sy kinders in geloofsgemeenskap, in enige vorm, sonder vooroordeel saamkom nie.

By sy woorde, sakramente en wil. In die Liggaam van Christus, die kerk, saam vir ander.

Die kerk is die sigbare openbaring van Jesus se liggaam op aarde. Kerk is nie 'n gebou waarheen jy gaan nie. Geboue kan platgeskiet word of afbrand. Kerk is wie jy in Jesus se naam saam met my is vir ander. Enige ander. Bonhoeffer skryf kerk is "Christ existing as church community ... for others."

Covid-19 kan 'n lens word waardeur ons vandag sien wie Jesus ernstig neem en nie sigbare godsdienstigheid nie. Covid-19 en gepaardgaande ingordelreëls trek vandag finaal 'n streep deur godsdienstigheid. Die probleem met godsdienstigheid is nie net dat jy jou met jou geestelik korrek leef probeer regverdig verklaar nie, maar dat dit jou 'n valse beeld van die werklikheid gee en jou oordeelsfoute laat maak. Godsdien gebruik Jesus as 'n middel tot 'n doel terwyl Jesus eintlik die Here van die hemel en die aarde is. Sy oordeel tel. Nie goeie of slegte werke en omstandighede nie. Nie my en jou oordeel hieroor in elk geval nie. Godsdienstigheid lees te gou die teenwoordigheid van Jesus af in veral positiewe uiterlikheid soos byvoorbeeld groot groepe mense wat saamkom vir 'n "blessing" (dalk nou met "Teams"), makrokerk, groot begrotings, voorspoed, vooruitgang, geboue, korrekte dogma en vertoon. En waar is Jesus as jy nie hierdie blokkies meer kan afmerk nie? Net 50 mense saam in 'n erediens, geen regstreekse "stream"-uitsendings, 30 begrafnisse in vier maande, kospakkies, egskeidings en bankrotskap.

Bonhoeffer skryf: "God in his mercy leads us through these times, but above all to Himself."

Kerk is geloofsgemeenskap met Jesus en met mekaar. Onbevooroordeeld en inklusief. Mense wat by Jesus leer om verantwoordelikheid te aanvaar vir die wêreld omdat Jesus juis hier is en self verantwoordelikheid neem. Ons hoef nie al die antwoorde te hê nie, maar as ons eerlik kerk wil wees vorentoe in die Covid-19-tyd gaan ons almal as volgelinge van Jesus weer moet stil raak voor Hom.

Wie is Jesus vir my? Nie wat doen Jesus en hoe doen Jesus goed nie.

Bonhoeffer het iewers gepreek oor Matteus 3:1. Hy sê: "Repentance, repentance ... repentance demands deeds. It means concrete changing of our ways ..."

► *Ds Gustav Meyer is predikant van die NG gemeente Bothasig en voorsitter van die Taakspan vir Nuwe Geloofsgemeenskap-ontwikkeling van die Wes-Kaapse sinode.*

Ons hoor graag van jou. Besoek www.kerkbode.co.za en klik op die Briewe-skakel in die navigasiekolom en volg die eenvoudige aanwysings om 'n brief vir publikasie via ons nuwe aanlyninlvorm te stuur. Helder en bondige briewe geniet voorkeur by publikasie.

Dolering, sterkes en swakkes

Jaco Thom van Petrusburg skryf:

Die besluit van die Algemene Sinode oor selfdegeslagverhoudings begin met 'n erkenning dat daar 'n vasgelooptheid oor die kwesie is. Die menings gaan só ver uiteen dat dit nie vir my lyk of daar 'n besluit kan kom wat almal tevrede sal stel nie. Aan die een kant is daar mense wat wil staan by die Skrifgedeeltes waaruit dit duidelik lyk dat selfdegeslagverhoudings en -verbintnisse sonde is. Aan die ander kant is daar mense wat, in die lig van die liefdesgebod en met inagneming van die insigte van sosiale weten-

skappe, sê dat selfdegeslagverhoudings geregverdig moet word en dat die kerk ruimte daarvoor moet maak.

Dit is sleg dat ondersteuners van die verskillende standpunte in kampe gegooi word en name genoem word, en dat die hele situasie ontaard in 'n "ons" en "hulle", met oor en weer beskuldigings van verkramptheid en vrysinnigheid en nog erger. Ek merk selfs 'n veglustigheid by mense, en dit ontstel my diep. Dit lyk nie vir my na 'n toedrag van sake wat hoopvol is of enigins Christelik nie. Daar is gewoon geen middelgrond nie. Jy is óf aan my kant, óf aan die ander kant en dus teen my.

Voeg hierby dat 'n groot deel van die kerkleiding ongelukkig geen begrip toon vir die lidmate wat probleme het met 'n vryer standpunt nie (ons dwing

hulle mos nie, elke gemeente kan mos self besluit, word gesê), en jy het die resep vir kerkskeuring. Want as jy oortuig is dat selfdegeslagverhoudings sonde is, is dit moeilik om te aanvaar dat 'n deel van die kerk geen probleme daarmee het nie. Dit kom daarop neer dat die kerk sonde goedpraat, sê hulle, en dit kan tog nie geduld word nie.

Ek dink dit is hoog tyd dat ons in dié verband weer luister wat Paulus oor 'n soortgelyke situasie geskryf het in 1 Korintiërs 8 (oor die eet van vleis wat aan 'n afgod geoffer is en die sogenaamde sterk en swak broeders). Hy skryf in vers 2: "Kennis maak verwaand, maar liefde bou op." Hy sê almal het nie die nodige kennis nie (vers 7), en dan, in vers 9 en verder: "Maar pas op dat hierdie vryheid van julle nie vir dié wat

swak is, 'n aanleiding tot sonde word nie. [...] Dan gaan die swakke verlore deur hierdie kennis van jou, en dit 'n broer vir wie Christus gesterf het. Deur so teen die broers te sondig en 'n las op hulle swak gewetens te lê, sondig julle teen Christus." En hy sluit af met die bekende woorde: "Daarom, as ek deur wat ek eet, my broer laat struikel, sal ek nooit weer vleis eet nie: ek wil nie my broer se val veroorsaak nie."

Dalk moet die kerk weer oor hierdie saak dink, want soos dit nou is, gaan dit nie regkom nie. Ons móét mos mekaar kan vind! Ek besef ek haal hom uit konteks aan, maar ek wil tog soos Paulus in 1 Korintiërs 1:13 uitroep: "Is Christus dan in stukke verdeel?"

En dit lyk my die onus rus op die sogenaamde sterkes.

Gesoek: Inligting vir lidmate

Marcel Vosloo van die Strand skryf:

Die arme lidmate van die kerk. Party predikante trek aan die een arm en ander predikante trek aan die ander arm. Van beide kante af kom die stem: "Gaan in die rigting wat ek jou wys."

Lidmate, volwasse lidmate, is regtig verward. Hulle vra of die laaste paar jaar se nuwe sienings die regte interpretasie van die Bybel is, en of die leringe van enkele jare gelede nog steeds reg is?

Ek wil 'n ernstige beroep op die leierskap in die kerk doen om lidmate goed in te lig oor al die sake wat verwarring veroorsaak. Doen dit dan asseblief ook op 'n gebalanseerde wyse waar beide kante van die vertolkings gegee word.

Daar kan byvoorbeeld vir iemand van Leer en Aktuele Sake en iemand van die Moreletaberaad gevra word om Skrifvertolkings oor die volgende onderwerpe te doen:

– Woordsiening: Het ons hier met woorde oor God, of met die Woord van God te make?

– Bestaan van satan: Is daar net 'n algemene boosheid in die wêreld of is satan 'n wese?

– Die Bybelse huwelik: ook tussen persone van dieselfde geslag of net tussen 'n man en 'n vrou?

(Daar kan 'n riglyn vir die lengte van die twee standpunte wees, byvoorbeeld 20 bladsye elk).

Die kerk het by die Belydenis van

Belhar groot moeite gedoen om lidmate hieromtrent in te lig. Ons huidige situasie noodsaak ook die nodige inligting.

Satan is nie 'n ateïs nie

Ds Stefaan de Jager van Jeffreysbaai skryf:

Kerkbode berig in sy nuutste uitgawe oor dr Ben du Toit se nuutste boek, *God: Is daar 'n ander antwoord?*

Die skrywer het God klaarblyklik agter hom gesit, hy is nou anderkant God, iewers op pad weg van Hom af. Hierdie eens prominente figuur in die NG Kerk se verwerping van God het nie oornag gekom nie. Du Toit was die man wat die Algemene Sinode van 2011 beïnvloed het om die besluit te neem dat elkeen maar self kan besluit of die duiwel persoonlik van aard is of nie. Vir Du Toit self het die duiwel daardie tyd alreeds nie meer bestaan nie.

Ben du Toit word nou as 'n sogenaamde post-teïs beskou, wat sagter klink as om na hom as 'n ateïs te verwys. Tog is dit wat hy wesentlik is as hy dan nie meer in die bestaan van God glo nie. Die duiwel in wie se bestaan hy nie meer glo nie, is egter springlewendig. Satan is geen ateïs nie en glo boonop nog steeds aan God, wat hom en sy borse geeste laat sidder. "Glo jy dat daar net een God is? Dit is reg. Die borse geeste glo dit ook – en hulle sidder van angs" (Jak 2:19).

Jy is vry en behoort aan Christus of jy is gebind en behoort aan die Borse. Selfs Satan weet dat daar nie 'n derde opsie agter een of ander oop hek is nie.



Uit Murraysburg laat weet 'n leser ons: Goeie môre, kyk wat vind ek: *Kerkbode* 1975.

Die volgende Kerkbode verskyn op 19 Maart 2021.

'Skewe potjie' vind haar deksel

RENTIA VAN VUUREN

Ek hoor dit weer: "Mamma, jy moet saam met my bid vir 'n man."

Ek dink: "Heer, sal ek U belas met iets so onwaarskynlik soos my dogter met Downsindroom wat 'n man wil hê? Tog sê U dat wanneer ons met 'n opregte hart vra, U sal voorsien."

Dan bid ek saam met Nita vir haar man. Saggies dink ek, met 'n soort opgewondenheid wat diep vanuit my siel borrel, "Here, by U is niks onmoontlik nie!" Ek begin saam met Nita uit-sien. En saam droom oor die dag dat sy voor die kansel sal staan.

Een naweek gaan ons saam met my man Ian na 'n plaas waar hy werk. Daar hoor ons van Gert Muller, 'n gestremde jong man op 'n plaas daar naby wat baie alleen is en dalk goeie geselskap vir Nita kan wees.

Ons reël 'n afspraak vir 'n melkskommel. Aanvanklik was die twee tjoepstil. Af en toe loer hulle so onderlangs na mekaar. Die hoofsaak was die melkskommel.

Maar die vriendskap het gegroei en hulle het gereeld by mekaar begin kuier. Voor ons ons oë kon uitvee, was daar 'n verliefdheid in die lug. Ons het die wedyersydse aangetrokkenheid gesien.

Gou het Nita se wêreld om Gertjie begin draai.

'n Familievergadering was die volgende stap. 'n Noodsaaklikheid, want die woordjie "trou" was op die twee jonges se lippe. Een naweek het ons, die onderskeie ouerpare, by die Mullers se plaas byeengekom en mekaar beter leer ken. Ons het kopstukke gesels, planne gemaak. Ons het maar kopgekrap.

Ons het Nita en Gert gereeld ingeroep, gevra wat hulle wense was. En gou agterkom dié twee weet presies wat hulle wil hê.



Nita was só opgewonde oor haar trouedag, dat sy almal wat leef en beef genooi het. Daar is toe maar besluit om dit 'n ope uitnodiging vir hulle gemeente, vriende en familie te maak.

Trou wou hulle trou. Toe moes Gert verby sy aanstaande skoonpa kom. Styf teen sy ma Ria het hy een middag al sy moed bymekaargeskraap en Ian gevra of hy met Nita kan trou.

Dankie, Here, vir 'n pappa met deernis en nat oë. Daar was 'n heilige atmosfeer, iets hemels, en 'n duidelike "ja!".

Nita het die hele hofmakery en die vraery lankal reeds in haar gedagtes gevorm gehad. Sy het dit baie duidelik gestel dat Gert op sy knieë moet gaan as hy haar vra. Op 15 Julie 2018 het ons die verlowingspartytjie op die plaas gehou nadat Gert die ring aan Nita se vinger gesteek het. Onder 'n witgatboom in die veld het Gert inderdaad op sy knieë gegaan en die ja-woord gevra.

Daar is besluit dat hulle op 23 Maart 2019 trou. Die troue moes iets baie spesiaals wees, en lekker. Al veertien familieleden sou 'n bepaalde rol daarin speel.

Nita het al wat leef en beef troue toe genooi, voor die voet. Oplaas het ons besluit om 'n ope uitnodiging aan die hele gemeente en al die familie en vriende te rig. En slegs enkele, uitgesoekte gaste na die onthaal genooi. Ons het die uitnodiging só bewoord:

Dit maak nie saak waar jy jou bevind het toe daar op 23 Julie 1990 'n potjie, 'n bietjie skeef volgens die wêreld, gebore is nie. Min wetende dat 'n bietjie vroeër, op 18 September 1981, daar 'n dekseltjie vir hierdie potjie gebore is.

Wat maak dit saak dat hulle in 'n spesiale skool geleer het? Nita verdien 'n inkomste uit haar bak en brou, en Gert boer lekker.

Wat maak dit saak dat daar nie babas sal wees nie; die winkels is vol lap-babas. Wat maak alles tog saak?


Wat wel saak maak, is dat Nita en Gert se gebede vir die regte lewensmaat verhoor is, en dat julle op Saterdag 23 Maart saam met ons kan kom getuig van die werklikheid van God se liefde en genade.

Die groot dag het vinnig nader gekom. Gert het uit moedeloosheid vir Nita gereeld daaraan herinner dat sy moes kalm bly, want, het hy gesê, "dis nog net 80 jaar voor ons trou". Humor sal altyd deel van ons lewe bly ...

Op 23 Maart, 14:50 daardie middag, het Nita, beeldskoon en stralend, in die troukar aangekom. Die musiek het begin, pappa Ian was gereed om sy enigste, baie spesiale dogter die kerk in te bring.


Die strooimeisies met hulle lampies het voor Nita uit geloop, nefies Willian en Sivan het angstig die blomme en juwele gebring en aan die bruid oorhandig. Die ramshoring het die koms van die bruidegom aangekondig, en Gert, begelei deur die strooijonkers, het binnegekrom.

Dit was 'n pragtige seremonie. Daar



Nita en Gertjie op hulle trouedag.

Foto's verskaf



Vir Nita en Gertjie was hulle wens om te trou onderhandelbaar. Hulle straal van vreugde met hulle verlowing.

was 'n eenvoudige boodskap, daar was dankbare gaste.

Met hulle aankoms by die onthaal was dit weer duidelik dat Gert en Nita twee mense is wat 'n verskil in ander se lewe maak. Nita se groot oomblik by die onthaal was om vir Gertjie saam met Juanita du Plessis te sing: "Ek wil oud word saam met jou."

Ons het hulle toegebid: "Ja, word saam oud. Geniet en bederf mekaar. Nooit weer hoef julle alleen te voel nie, want elkeen het 'n maatjie gevind. Mag julle vir altyd gelukkig wees in julle eie, pragtige huis op die plaas."

● Hierdie storie is oorspronklik deur *Kerkbode* se susterpublikasie by www.lig.co.za gepubliseer

Die Psalms: Oor sielens

Die psalmdigters skroom nie om hulle pyn voor God te bring nie, meen die skrywer van *Here, leer my u pad: Die Psalms as wegwysers vir die lewe* (Naledi). Le Roux Schoeman (LS) het met Paul Kruger (PK) gesels.

LS: Jy noem in die boek dat daar meer klaag- as lofpsalms is. Beteken dit die twee aksies (loof en kla) is op 'n manier "nader" aan mekaar as wat 'n mens dalk besef of wat moet ons aflei uit hierdie kontrastering binne die psalmboek?

PK: Dit is moeilik om hierop 'n antwoord te gee. Die Switserse Ou-Testamentikus Beat Weber het dit mooi gesê: "Om by God te kla (klaagliedere) is die taal van die aarde; om God te loof (lofliedere) is die taal van die hemel. Omdat die mens in albei wêreld leef, het hy behoefte aan beide." Om te kla is miskien meer natuurlik tot die mens; tot lof, aan die ander kant, moet 'n mens beweeg word. Dit kom gewoonlik nie spontaan nie. Daarom dan ook die talle aansporings in die Psalms tot lof: "hal-leluja!" ("Loof die Here!"). Dit is 'n bevelsvorm! Hoewel dit so is dat daar meer klaag- as lofliedere in die Psalmboek is, is die grondtoon van die Psalmboek tog dié van uitbundige lof. Vanaf Psalm 104 tot Psalm 150 byvoorbeeld weerklank die oproep: "Loof die Here!" 49 keer. Insiggewend om te weet dat die heel laaste woord van die Psalmboek "hal-leluja!" is (Ps 150:6). Volgens die Psalmboek dus behoort LEWE EN LOF bymekaar!

LS: Jy sluit aan by Walter Brueggemann se idee dat klaagpsalms as 't ware gedigte van "disoriëntasie" is. Hoe help daardie konsep my om die psalms beter te lees vanuit 'n hedendaagse konteks?

PK: Luther het in sy voorwoord tot die vertaling van die Psalms die menslike hart beskryf as 'n skip op 'n stormagtige see wat deur stormwinde geteister word. In sulke stormagtige tye kom die menslike hart los en raak dié eerlik met homself. Die mooiste van hierdie menslike klaagwoorde (gedigte van disoriëntasie) is vir Luther dat hulle "teen God en met God praat". Gelowiges mag kla, mag maar depressief raak. Sulke woorde wat "die hart oopmaak", werk soos donderweer wat uitsak, soos 'n drukkelp wat oopgaan om die druk te verlig. Dikwels het die menslike gees sodanige verligting nodig. Die seer moet uit. Daar moet oor gepraat word. In die klaagpsalms leer ons so 'n nuwe woordeskat om ons vele angste, ons benoudhede en onsekerhede tot taal te maak, sodat ons

dit voor God kan lê. Die tyd van Covid gee talle redes daartoe! Soos Brueggemann sê: "The beast is permitted an appearance."

LS: Jy verwys na sommige psalms wat "konflikgesprekke met God" bevat wat die tipe worsteling met Godsvrae is waarvoor baie gelowiges dalk bang sou wees of skaam om te erken, nie waar nie?

PK: Daar word dikwels gehoor dat kla, of om met God in 'n konflikgesprek te gaan, nie die gepaste manier is om met God te praat nie! Daarom skram gelowiges dikwels daarvan weg. Die term "konflikgesprekke met God", met verwysing na die grondtoon van die klaagpsalms, stam van die Duitse teoloog Bernd Janowski (vergelyk sy 2003-boek: *Konfliktgespräche mit Gott: Eine Anthropologie der Psalmen* [Konflikgesprekke met God: 'n Antropologie van die Psalms]). Sodanige psalms het ontstaan uit 'n ervaring dat alles in die lewe nie wel is nie: sielensnood, siekte (Ps 6); Godverlatenheid en onsekerheid (Ps 13); om versak en uitgelewer te wees, veral deur vriende, om in vertwyfeling te verval en God as ver te beleef (Ps 22); verganklikheid en skuld (Ps 39); treur en heimwee (Ps 42); duisternis, uitsigloosheid en depressie (Ps 88). Dít moet verwoord word! Gepas sê die Nederlandse dogmatikus Hendrikus Berkhof in sy *Christeljk geloof* dat God nie mense as objekte wil hê nie, maar as gespreksgenote. Hy begeer ons inspraak, ons spontane dankbaarheid, maar ook ons geduldige en ongeduldige vrae. Selfs ons felle protes is vir Hom verkiesliker as swygende berusting.

As daar een boek in die Bybel is wat ons permanent van hierdie nie-kla-houding wil genees, dan is dit die Psalms. Die psalmdigters skroom nie om hulle pyn voor God te bring nie. Solank die ellende en die angs nog nie benaam of verbeeld is nie, kan daar nie vorentoe beweeg word, kan heling nie gekry word nie. Sielkundiges is deeglik bewus watter vernietigende uitwerking die onuitgesprokene van die menslike ellende het. Eers as die volle diepte en omvang van die negatiewe emosies deurleef is, kan die herstel begin. Die Psalms is gevul met talle van hierdie eerlike beskrywings van konflik in 'n poging om weer heel te raak. Die hart moet voor God oopgemaak word sodat die diepte van die pyn



en ellende na die oppervlakte kan kom. Die lewe bring vir almal onbeantwoorde vrae en aan wie sal sulke vrae gerig word, indien nie aan God nie?

LS: Soms gaan dit rof in die psalms. "Breek, o God, die tande in hulle monde," bid Dawid in Psalm 58:7. Daar is nog vele voorbeelde en jy bespreek 'n interessante voorbeeld waar die taal effens versag is in die Afrikaanse vertaling – in die lig van hedendaagse geweldsensitiwiteit, korrek?

PK: Die wêreld wat in baie van die psalms in die Psalmboek geteken word, is 'n wêreld vol konflik, 'n net van leuens en bedrog. Dit wat beskryf word, was nie 'n randverskynsel in die samelewing nie. Dit het aan die hart daarvan gelê. In sulke onbenydenswaardige omstandighede is die bidder se wens wat roep om wraak en vergelding dus goed begrypbaar. Hierdie vergeldingsbegeertes is soos 'n fontein wat spontaan opborrel, soos "die gees van haat wat jou in die gesig slaan, soos hitte uit 'n oop kaggel", aldus die skrywer CS Lewis. Vir ons gevoel gaan baie van die vergeldingswense darem net te vér. Soos byvoorbeeld: "Breek, o God, hulle tande in hulle mond" (Ps 58:7). Dit is daarom ook nie onverwags nie dat Psalm 58, ná die Tweede Vatikaanse Konsilie in 1963, deur die Katolieke Kerk uit die sogenaamde "Uurlikse Kloostergebed" wegelaat is.

'n Ander manier om met hierdie vergeldingsuitsprake in die Psalms om te gaan, is om hulle te versag. Vergelyk byvoorbeeld hoe *Die Berymde Psalms* van die NG Kerk van 1976 en die *Liedboek van die Kerk* (2001) met die ontstellende vergeldingswens in Psalm 137:9 ("gelukkig is hy wat jou babatjies gryp en teen die rots verpletter"), omgegaan het. Dit wil voorkom of daar ietwat van 'n versagting ingetree het in die

Psalmberymings van die tydperk 1976 tot 2001 met betrekking tot die lot van Babel. Waar die 1976-beryming die gruwel nog by die naam noem, het die 2001-weergawe dit verbloem: "Gelukkig hy wat nou jóú kroos, verpletter teen die rots" (1976), teenoor: "Gelukkig is diegene, wat julle sal kasty. Na maat van al die smarte, wat ons deur jul moes ly" (2001). Kan 'n moeder 'n wandaad soos beskryf in Psalm 137:9 ooit onaangeraak laat verbygaan? Is dit nie rede vir 'n intense wrewel teenoor die gewelddenaar nie? Dit is teen só 'n agtergrond dat 'n mens moet probeer sin maak van die vergeldingspsalms. In die moderne wêreld is daar talle bepalinge in menseregtehandveste wat probeer om beskerming te verseker teen geweld en uitbuiting, hoewel dit tog nog wyd voorkom. Daardie tipe instansies het nie in die tyd van die Bybel bestaan nie. Baie keer was die enigste manier om daarmee om te gaan om jou op 'n Hoër Mag te beroep. Die aard van die vergelding wat gevra word klink wreed en onmenslik, maar dit is beslis nie uitdrukkings van ongelooft nie. Inteendeel, die lydende bidder identifiseer hom ten diepste met God en sy saak vir reg en geregtigheid. Belangrik is dat hy nie self die vergelding in die hand neem nie, maar dit aan God toevertrou. Daarom kan hierdie tipe versugtinge om vergelding ook gesien word as noodkrete van diepe vertroue, gebede in uitsiglose situasies. Iemand het dit mooi gestel: "Die vergeldingspsalms is spreekbuise vir die spreekklose." Hulle bied woorde waarin die slagoffers hulle onmag kan verwoord. Terselfdertyd bied dit die gerusstelling aan die slagoffers dat God in die stryd om 'n regverdiger wêreld hulle hulproepe nie vergeet nie. Mag 'n mens so 'n wraakgebed afbid soos in Psalm 58:7 of Psalm 137:9? Baie psigoterapeute maak vandag van sulke psalmwoorde in hulle terapie gebruik.

God, siekte en lofprysing

“Hierdie vergeldingsbegeertes is soos ’n fontein wat spontaan opborrel, soos die gees van haat wat jou in die gesig slaan, soos hitte uit ’n oop kaggel.”

Die onreg moet verwoord, uitgeskreue word! Dit is belangrik om ongeregtheid en leed nie onder die mat te vee nie, maar om dit onder woorde te bring. God is ’n God van liefde, maar ook van geregtigheid!

LS: So hier het ons die oudste gebedeboek, maar jy noem dat dit nie net klagte en lof is nie ... daar is ook stiltes. Vertel ons meer daaroor?

PK: Die moderne wêreld is omgewe van ’n oorfloed van kommunikasie en geraas. WLAN is orals en mense kan immer in verbinding wees. Van stilte is daar bykans geen sprake meer nie, tensy dit bewustelik geskep word. Die mens se behoefte om tot rus te kom, is egter ’n eeue-oue begeerte. In die wêreld van die psalmdigters was dit ook nie anders nie. Lees ’n mens deur die Psalms, is dit duidelik dat daar hoofsaaklik twee hoofvorme van kommunikasie met God is: klaaggebede, waar tot God geroep word om hulp, en dank- of lofgebede waarin God geprys word. By albei is praat/taal ter sprake. Minder opvallend as hierdie twee is ook ’n derde vorm van kommunikasie wat nóg ’n klaag-, nóg ’n lofgebed is, maar ’n gebedshouding van stilte, afwesigheid van taal. Van hierdie “stilte”, “rus”-momente voor God is daar treffende voorbeelde in die Psalmboek. Niks word gesê nie; daar is net ’n stille rustigheid!

Veral in drie psalms is die tema van rus en stilte sentraal. Die refrein van die tweelingspsalms (Ps 42 en 43) dui daarop dat die digter hierdie rus nog nie gevind het nie. Hy is vol onrus en in ’n sieleworsteling. Hy kan homself net nie tot bedaring bring nie. Drie maal word die onrusklag herhaal en drie maal die aansporing om nie moed op te gee nie, maar te bly wag en hoop: “Waarom is jy so terneergedruk, my siel, en rusteloos in my? Wag op God!” (Ps 42:6, 12; 43:5).

Psalm 62 is die direkte teenpool van kwellende onrustigheid. Ten spyte van aanvegting word die digter gedra deur ’n innerlike rus. Die stilte waartoe die bidder sy siel twee keer aanspoor (“Alleen by God is stilte vir my siel”, v 2; “Soek stilte by God alleen, my siel”, v 6),

is die sielerus wat gegrond is in die sekerheid dat redding en geborgenheid alleen by God te vinde is (“Hy alleen is my rots en my redding, my bergvesting, ek sal nooit wankel nie”, v 3).

Die juweel egter in die hele Psalmboek oor die innerlike rustigheid, is die kort Psalm 131. Die digter het tot volledige rus gekom en put sterkte daaruit. Woorde het verstom, want gemeenskap met God kan ook sonder woorde geskied. Van vyande of aanslae van buite is daar in die psalm geen sprake nie. Die hele gedig is ’n intieme selfgesprek. Hier is iemand aan die woord wat uiteindelik kalmte gevind het ná die storms van die lewe. Soos ’n kind wat reeds van die moederbors gehaal is, maar ten spyte daarvan in stille tevredenheid daarteen nestel – nie omdat die kindjie iets van die moeder verwag nie – maar net om haar kalmerende teenwoordigheid in te drink. In dieselfde mate begeer die digter om in stille vertroue by God te rus: “Veel meer – ek het stil geword, en my siel tot rus gebring. Soos ’n tevrede kindjie (letterlik: gespeende) by sy moeder, soos ’n tevrede kindjie is my geemoed in my” (v 2-3).

LS: Die psalmdigter vra die waarom-vraag. Hoekom is God afwesig en laat hy sommige goed toe? Bied die Psalms ’n antwoord hierop?

PK: Geen ander boek in die Bybel vra die waarom-vraag aan God meer as die Psalms nie: “Waarom verberg U u aangesig?” (Ps 44:25); “Waarom, Here, wys U my af, verberg U u aangesig vir my?” (Ps 88:15). Dieselfde waarom-vraag klink elders anders ook op in Psalm 10:1; 22:2; 42:10; 43:2; 44:24, 25; 74:1, 11; 79:10; 80:13 en 115:2. Dikwels word dieselfde vraag op ’n ander manier gestel: “hoe lank nog?”: “Ek is diep ontsteld, maar, U, Here, tot hoe lank nog?” (Ps 6:4; ook in 13:2-3; 79:5; 89:47). Die bidder verstaan nie hoekom sekere dinge gebeur nie. Wat die beproewing nog erger maak, is dat die lyding en pyn oënskynlik nie einde kry nie – dit gaan net aan en aan. Veral die donkerte, die nag, word beleef as juis dié tyd waar die ellende breekpunt bereik (22:3; 32:4;

42:4; 55:18; 77:3; 88:2). Gee God antwoorde op die diepste geheimenisse en pyn van die lewe? Die Psalmdigters openbaar dit gewoonlik nie. Tog is daar twee psalms wat op ’n manier verraaie hoe die bidders met dié onverklaarbaarheid van die lewe probeer omgaan het en dit is Psalm 13 en 88. In Psalm 13 bly die deur van hoop nog oop; in Psalm 88, daarenteen, is alle hoop laat vaar.

Psalm 13 is ’n eerlike ontboeseming van die bidder se ellende voor God. Die grondtoon daarvan is die vraag “hoe lank?” Dit kom vier keer in die psalm voor. Wat merkwaardig is in die psalm, is hoe dit moontlik is dat die digter so eensklaps kon wissel van klag na vertroue. Direk nadat hy nog oor die treitering van sy teenstanders gekla het (v 5), verander hy ewe skielik die toon en bely: “Ek, egter, vertrou op u standvastige liefde” (v 6). Die lyding gaan beslis nog aan en die vyand het ook nog nie verdwyn nie! Iets moes in die bidder gebeur het wat hierdie ommeswaai van klag na sekerheid laat deurbreek het. Dit is goed voorstelbaar dat agter hierdie belydenis van vertroue, ’n intense worsteling van weke, maande, of selfs jare kon verloop het. Baie moontlik het hy sy ellende oor tyd heen voor God gebring, male sonder tal in gebed daarmee geworstel, soos vers 4 suggereer: “Sien tog raak, antwoord my, Here, my God,” maar duidelik het hy nie ’n bevredigende antwoord van God gekry het nie. Dikwels gaan sielepynt gepaard met wroeging en onverwerkte gevoelens en duur dit soms lank om daarmee in die reine te kom, indien wel. En dan op ’n dag gebeur dit: Ewe skielik gaan daar nuwe lig op. Die nood is nog steeds daar en sal miskien altyd daar wees, maar midde-in die nood kom die besef, maar God se standvastige liefde en trou is ook nog daar! Daarop kan in alle omstandighede gereken word: “Ek, egter, vertrou op u standvastige liefde” (v 6). Dit is die vastepunt wat nooit sal verander nie!

Psalm 88 is beslis die donkerste van al die klaagpsalms. Die digter sien hier geen lig meer nie; dit is net duisternis! Dit is dan ook op hierdie dieptepunt dat die psalm eindig: “U het geliefde en vriend van my vervreem, my vertroude is duisternis” (v 19). Die lewe het vir die bidder ’n vloek geword. Hy sien geen uitsig meer nie. Dat die bidder hom nog in hierdie onbenydenswaardige toestand tot God wend, dui daarop dat hy nog nie moed opgegee het nie. Dit gaan in die psalm nie net oor ’n aanklag teen God nie, maar is ook ’n appél dat Hy nie moet afstand doen van sy standvastige liefde, trou en geregtigheid (v 12-13) nie. Daar is dus tog nog ’n sprankie hoop, al getuig alles daarteen. Wat egter

uitbly, is ’n antwoord van God. Ook al gebeur dit nie, gee die digter nie bes nie: “Ek, ek roep na U om hulp, in die oggend gaan my gebed op na U” (v 14). Iemand het dit mooi gesê: “Hier protesteer iemand biddend”. Baie keer breek duidelikheid in ’n geloofsworsteling eers deur vanuit die perspektief van die einde! Kierkegaard het daarom volkome reg wanneer hy die raad gee: “Die lewe kan alleen terugwaarts verstaan word, maar dit moet voorwaarts geleef word.” Baie van die dinge wat gebeur, verstaan ’n mens baie keer nie midde-in die situasie nie. Dit is eers as daar deur dit geworstel is dat jy agterkom dat God daarmee tog ’n doel gehad het.

LS: Jy het die voordeel van groot taalvaardigheid in Hebreeus en vertroutheid met die Semitiese digterstaal en die wye algemene verwysingsveld wat herhaaldelik in die boek blyk. Hoeveel van die Psalms is “lost in translation” vir die res van ons wat net, byvoorbeeld, die 1983- Afrikaanse vertaling het om op te gaan?

PK: Ek moet sê hier het ek groot simpatie met die gewone Bybelleser. Daar is net soveel woorde in Hebreeus waarvoor ’n mens moeilik in Afrikaans of in enige ander taal ’n gepaste vertalings-ekwivalent kan vind. Kyk byvoorbeeld net na die vertaling van een van die wesenieskappe van God in die Psalmboek (Hebreeus: *gesed*). Bybelvertalings worstel nog steeds om ’n geskikte woord te vind om uitdrukking te gee aan hierdie allesbepalende eienskap van God teenoor die mens. Die 1933/1953-Bybelvertaling se vertalingskeuse het op die woord “goedertierenheid” geval; Luther vertaal dit met “barmhartigheid”. Die 1983-Bybelvertaling kies weer vir die begrip “verbondstrou” omdat dié woord dikwels slaan op God se getrouheid aan sy verbond. In sommige Engelse vertalings word die keuse gemaak vir “steadfast love” (standhoudende, troue liefde) of “loyalty” (getrouheid). Die nuwe *Die Bybel 2020-vertaling* kies vir die vertaling “troue liefde”. Die Hebreeuse woord *gesed* hou ten diepste verband met ’n gesindheid waar die meerdere (in dié geval God) onderneem om te alle tye in belang van die mindere (in dié geval die mens) op te tree en dat dié verhouding gebou is op die beginsel van trou. As daar eers een keer ’n onderneming gemaak is, word daarvan nie afgewyk nie! Dit alles in ag genome, sou ’n vertaling soos “standvastige/troue liefde” nie ’n slegte keuse wees nie.

’n Ander sentrale eienskap van God wat in die hele Ou Testament die meeste

Rus in die ritmes van Lydenstyd

CAS WEPENER

Wanneer ons by 'n etenstafel, in 'n lesinglokaal of op 'n kerkbank gaan sit, gaan sit ons meestal waar ons gewoonlik sit. Ons dink nie elke keer daarvoor en eksperimenteer met die plek waar ons sit nie. Nee, dit is sesuur in die aand, kos is op die tafel en ek weet watter stoel myne is. Toegegee, sommige mense is ongelukkig met die Van der Merwes wat al vir twee eeue lank elke Sondag in dieselfde kerkbank inskuif. Tog moet ons hulle dit gun wanneer ons insien dat 'n bekende plek op 'n bepaalde tyd die mense goed doen. Wanneer plek en tyd op só 'n wyse oorvleuel dat dit 'n tipe geborgenheid bring waar ek sommer net kan (aan)sit en deelneem, bring dit die soort rus wat mense wat broos en moeg is tydens 'n pandemie benodig.

Deur die eeue was spesifieke tye in kombinasie met plekke baie waardevol en betekenisvol. Vele mense gaan byvoorbeeld op die dag wanneer hulle 'n hartseer gebeurtenis herdenk, na 'n bepaalde plek om dit te doen. En gewoonlik word iets beleef wat as troos beskryf kan word, selfs as heling.

Ons beleef dit ook elke jaar met Lydenstyd en Paastyd, die tyd van die jaar waar daar vanaf Aswoensdag tot en met Paassondag vierings is waar mense in die ritme van die kerkjaar tot rus kan kom. Die kerkgeskiedenis is boordensvol beskrywings van hierdie waarheid en ek wil die spoor van een pelgrim neem wat iets hiervan vir ons opgeteken het.

Teen die einde van die vierde eeu reis 'n Spaanse non genaamd Egeria na Israel en omstreke. Daar woon sy baie eredienste by. Hierdie vrou was nie net 'n pelgrim nie, maar ook 'n etnograaf. Elke liturgie en viering waaraan sy deelgeneem het, het sy noukeurig gedokumenteer.

Rondom Paastyd van ongeveer 380 nC vind ons haar in Jerusalem waar sy aan die eredienste in die stad deelneem en die belewenisse in haar reisjoernaal beskryf. Ons verneem daar is talle an-

der pelgrims, want die stad Jerusalem het as plek 'n besondere betekenis gehad. Haar beskrywings oor hoe plek en tyd in Jerusalem tydens die Lydens- en Paastyd sinchroniseer, kan in 'n grensdelyd waardevol wees.

Die persoon wat die eredienste in die tyd van Egeria in Jerusalem gelei het, die bekende biskop Cyrillius van Jerusalem, het die plekke op gegewe tye goed benut in sy liturgie. So byvoorbeeld was daar twee kerke: die Marturium, gebou op die plek waar Jesus (volgens oorlewering) gely en gesterf het en die Anastasis, gebou op die plek van die graf (ook volgens oorlewering) en as sodanig ook die plek van die opstanding.

Egeria vertel hoe betekenisvol dit vir eredienstgangers was wanneer hulle op 'n dag soos Goeie Vrydag spesifiek in die Marturium eredienste bygewoon het. Dieselfde het gegeld vir vierings in die kerk van die graf op Paassondag. Dit was dus in ooreenstemming met Bybelse en ander getuienis oor Jesus se laaste dae op aarde. 'n Betekenisvolle tyd, byvoorbeeld, was hanekraai wat op Paassondag bykans as die episentrum van die kerkjaar gesien kan word, die oomblik in die jaar wanneer dood oorgaan in lewe. Die biskop het verder ook dit wat die natuur vir hom gebied het, gegewe tyd, op kreatiewe wyses ingebou.

So byvoorbeeld was dit op verskeie plekke die gebruik dat diegene wat op Paassondag gedoop word, in die donkerte en knap na hanekraai hulle ou lewe aflê met 'n belydenis en met hulle lyf gedraai na die weste, die windrigting waar die son sak en in die kosmologie van daardie tyd, simbolies van die dood. En dan, terwyl die son opkom in die ooste, het hulle na die lig gedraai en 'n nuwe belydenis gedoen. Let wel, dit is gedoen in die Anastasis, nadat hulle die hele nag vir die Paaswaak in die Marturium deurgebring het.

Dit is Lydenstyd 2021 en, nog meer so as in ander jare, gaan vele mense nie kerk toe nie. Sommige gaan Pase in aanlyndienste vier, enkeles gaan dit in die kerk-

gebou waag en party gaan na hanekraai gewoon net in die bed bly. 'n Argument om nie nou eredienste te vier nie mag wees dat ek nou by uitstek rus nodig het, so ek gaan veel eerder inlê as wat ek op enige tye spesifieke plekke gaan besoek, fisies in persoon of via 'n skerm.

Die rus wat mense nou nodig het, lê egter veel dieper as 'n ekstra uur se slaap. Mense is voos en broos en smag na Sabbatsrus. Nie Sabbatsrus soos in sommige lesers se kinderdae toe hulle, sou hulle op 'n Sondag naaldwerk doen, hulle die naald in God se oog sou druk nie. Nee, gewoon die rus van die ritme van die kerkjaar – 'n ritme wat klok vanuit Paassondag en van daar uitkring na al die ander Sondae van die jaar. Dit is om tot rus te kom in ritmes wat ek nie uitgedink het nie, maar wat deur die eeue aankom en wat oor die wêreld heen klok. Die ritmes wat my ruimtes waar ek gegrendel is, oopsluit en my by ander laat aansluit en dat ons so mekaar insluit. Dit is ook die ritme wat geskoei is op die hartklop van God en die wêreld se ritmes wat my soms moeg maak, uitdaag.

In die ritme van die tyd, in hierdie dae die ritme van Lydens- en Paastyd, kan brose mense rus en genesing vind. Ja, min Van der Merwes kan in die bank gaan inskuif waar hulle eintlik wil inskuif, maar simboliek gegewe Lydens- en Paastyd tuis kan private ruimtes oopsluit. Egeria se beskrywings kan ons verbeelding aangryp sodat ons private ruimtes en liturgiese ruimtes inrig dat dit iets van God se ritmes kommunikeer. En deur net in te skakel by 'n aanlyn-erediens, word my private ruimte reeds omskep in iets meer.

Die ritme van Lydens- en Paastyd is, soos daardie etenstafel waar ons kan gaan aansit, 'n plek waar mense wat na 'n grenseljaar broos is, opnuut kan gaan rus. Op daardie plek en in daardie tyd vind by uitstek ook 'n Godsonthoening plaas waar besef word alles hang nie van myself en my eie pogings af nie. Dit is die diepste rus wat nou benodig word.

'n Boodskap om 09:00, presies wanneer ons Goeie Vrydag-diens begin; 'n video op Kieskerk waar ek ons kerkgebou en predikant sien en die bekende woorde van Pase hoor; 'n tafel waar ek alleen of met ander kos (kerrievis, lamsvleis, paasbolletjies) eet wat my nou laat onthou sodat 'n nuwe toekoms oopbreek, is ritmes wat private ruimtes oopbreek sodat God se lig inskyn op ons voosheid. Vierings op Sondae en feesdae is God se uitnodiging om te kom aansit en rus te vind in eeueoue ritmes.

► Prof Cas Wepener doseer *Praktiese Teologie* aan die Universiteit Stellenbosch.



Nuwe navorsing toon aan dat gebed gesondheidswerkers in die voorste linie kan help om die spanning en werksdruk wat met die Covid-19-pandemie gepaard gaan, te hanteer. Foto's: Pexels.com


Gebed help gesondheidswerkers – studie

JACOBIE M HELENA

Gebed bevorder sielkundige veerkragtigheid by gesondheidswerkers wat in die voorste linie teen Covid-19 veg, volgens nuwe navorsing wat in November 2020 op die medRxiv-webtuiste gepubliseer is. MedRxiv is 'n gratis aanlyn argief- en verspreidingsbediener vir volledige, maar ongepubliseerde navorsing (voorafdrukke) in die mediese, kliniese en verwante gesondheidswetenskappe.

Streshanteringsmetodes, wat gebed en sosiale ondersteuning insluit, kan met positiewe geestelike en sielkundige gesondheidsuitkomst geassosieer word, volgens 'n studie onder leiding van dr Leodoro Labrague van die Universiteit van Sultan Qaboos in Muscat, Oman.

Prakties gesproke moedig die studie gesondheidswerkers aan om geestesgesondheid en welwese deur sulke streshanteringsmeganismes te prioriteer.



“In die ritme van die tyd, in hierdie dae die ritme van Lydens- en Paastyd, kan brose mense rus en genesing vind.”



'Gee jou lewe vir die Here en die wêreld'

Waarom voel die mense wat welkom gevoel het by Jesus, nie welkom by sy liggaam nie?

Jy kan nie jou lewe vir Jesus gee sonder om dit ook vir die wêreld te gee nie. André Botha het hierdie waarheid vroeg in sy lewe ontdek en hy hou steeds daaraan vas.

André het 'n passie vir die mees weerlose mense in die gemeenskap. Ek het nog selde met hom gesels wat hy nie 'n storie gehad het om te vertel van iemand op straat wat hy die week ontmoet het of iemand in die plaaslike informele nedersetting oor wie hy bekommerd is nie.

Vir die grootste deel van sy lewe is André dominee op die platteland. Na sy studies was hy vir 'n tyd lank by 'n gemeente op Louis Trichardt, die laaste sewe jaar is hy predikant op Mookgophong (Naboomspruit). Maar sy passie vir Jesus en die wêreld het hom al op vreemde plekke laat beland. Vreemde plekke met vreemde mense wat 'n groot effek gehad het op sy siening van kerkwees vandag.

André het onder andere vir 'n tyd lank in Etiopië gewoon waar hy saam met Youth with a Mission (YWAM) gewerk het.

"Die hele community-lewe was vir my fantasties," vertel hy en sy oë blink. "Ons het elke dag saam gebid, saam geleer, saam 'n pad gestap met straatkinders, saam uitgereik na die haweloses op straat." Hy vertel hoe hulle dikwels genooi is deur gewone mense in die gemeenskap, hoe hulle saam gekuier en saam geëet het. "Dit was 'n wonderlike tyd al het ons selde luukshede soos warm water en beddens gehad. Ek verlang dikwels na die community en eenvoud wat ek in daardie tyd beleef het," sê hy.

Hy en sy vrou Marnell het ook later vir 'n paar jaar in Oman gewoon waar hy as jeugleeraar gewerk het. Die gemeente het hom gekontak en gevra om aansoek te doen. André sê hy was nogal geskok toe hy die pos kry en aanvanklik nie baie lus om in die Midde-Ooste te gaan woon nie. Hy lag en vertel hoe hy vir 'n vriend gesê het hy is bang hy is 'n Jona en beland dalk in 'n vis se maag as hy nie gaan nie, waarop sy vriend opgemerk het dat daar groot babers in hulle omgewing is.

Die groep jongmense met wie hy in

Oman gewerk het was van vyftien verskillende nasionaliteite.

Maar al die paaie het hom keer op keer weer terug na Suid-Afrika gebring. Elke keer met nuwe ervarings en ontdekkings wat sy passie vir versoening en 'n bediening aan die mees weerlose mense in ons land versterk het.

André vertel van sy persoonlike worsteling om aan die een kant die bediening aan gemeentede en aan die ander kant sy betrokkenheid by die informele nedersetting en by projekte in die gemeenskap te probeer balanseer.

Hulle het betrokke geraak by 'n seun wat in die plakkerskamp gebly het. Die seun, Aubrey, het tot so 'n mate deel geword van hulle gesin dat hulle eie twee seuns hom vandag sien as 'n ouer broer. "Aubrey het my baie gehelp om 'n belangrike deel van my menswees te kon uitleef, want as gevolg van hom moes ek gereeld in die plakkerskamp kom, moes ek dikwels met sy ma gesels. Ek is hom ewig dankbaar daarvoor," sê André. Vandag is Aubrey 'n onderwyser op Jefreysbaai.

André en Marnell het besluit om hulle eie twee kinders in 'n multikulturele kleuterskool te sit. Hy verduidelik:

"Toe ons op soek was na 'n kleuterskool het ons gesê ons wil ons kinders in 'n skool sit wat Suid-Afrika voorstel. Ons het gevoel hulle moet beseft ons bly in 'n land waar daar verskillende kulture is en hoe vinniger hulle dit beseft hoe beter is dit vir ons almal. Ons sien vandag die waarde wat dit vir ons seuns en vir ons toegevoeg het."

André en Marnell is vandag steeds betrokke by die skool, hulle het onder andere gehelp om 'n NWO te stig sodat hulle "nooit ooit 'n kind hoef weg te wys", omdat die ouers te arm is om te betaal nie.

Een van die vrae waarmee André dikwels worstel is, waarom die werklike arm en gebroke mense in 'n gemeenskap selde welkom voel in ons kerke.

"Mense wat swaarkry voel dikwels hulle pas nie in by ons manier van kerkwees nie. Mense wat anders is voel uit. 'n Arm oom wat in die plakkerskamp woon, het my in die week gevra of hy kan erediens toe kom soos hy is. Toe sê ek, ja natuurlik. Toe vra hy, maar wat gaan die mense sê? Want hy het net ouer stukke klerie."

Waarom voel die mense wat welkom gevoel het by Jesus, nie welkom by sy

liggaam nie? Waarom weerspieël ons goeie teologiese missionale praatjies nie in die profiel van ons gemeentes nie? En op ons begrotings en ons kalenders nie?

André sê hy glo onbekend maak onbeminde en deel van die kerk se roeping is om ontmoetings te laat plaasvind tussen die uiteenlopende mense in ons land.

Hy vertel hoe 'n half blinde ou swart man nou die dag saam met hulle nagmaal by die kerk gebruik het.

Die eerste keer toe hy by die erediens opdaag, was dit effe vreemd vir die mense. André het vir hom gesê om voor in die kerk te kom sit, dan kan hy somer beter sien.

Hy het toe vir die gemeente vertel wie die ou man is. Baie het beseft hulle ken hom eintlik, hy was vir lank 'n hekwag by die dorp se gholfbaan. Nou, omdat sy oë finaal opgepak het, is hy werkloos.

"Met die nagmaal verlede Sondag het een van die gemeentetannies hom gehelp om uit die kelkie te drink, want hy kon nie sien nie. Dit was so mooi," sê André, "ek wens ek kon 'n foto neem".

► Ds Jaco Strydom is predikant by die NG gemeente Villieria in Pretoria.



Ds André Botha.



'n Tydige verkenning van die betekenis van hoop

Miskien is daar hoop deur
Johann Voges
Uitgewer: CLF, 2020
Resensent: Lizette Viviers

Hierdie boek deur dr Johann Voges lei die leser om na te dink oor die “veelkantigheid van hoop”. Dit is nie ’n stroperige boek nie – dit kom uit die pen van ’n skrywer wat die lewe se goed en sleg persoonlik ervaar het. Met sy besondere taalgebruik nooi die skrywer jou in as gespreksgenoot om te dink oor hoop – wat beteken dit as ons sê ons leef met hoop?

Die inleidende woorde gryp dadelik my aandag: “Hoop is meer as net waarvoor ek bang is – vir wat my dalk oorkom en meer as dit wat ek wens tog met my kan gebeur ... Hoop vra: Hoe klink my geloofstorie? Al gebeur met my waarvoor ek bang is of al kry ek niks waarvoor ek wens nie!” (:ix).

Die boek ondersoek hierdie geloofstorie. Dit is ’n reis om die ervaring en siening van hoop van die Bybelse figure en verhale te ontdek. Die rykdom wat jy ontdek, is dat hoop dikwels anders lyk en werk as wat ons aanvanklike idee daarvoor is. Voges sê: “Dit lyk my ’n mens se hoop sê eintlik baie meer van hoe jy eintlik glo en nie soseer van hoe jy voel oor wat jou oorgekom het nie” (:2). Die boek neem jou aan die hand om deur die Woord te wandel op soek na die betekenis van hoop – die storie van hoop en geloof en waar dit paai met die ‘regte lewe’ kruis. In die huidige omstandighede van Covid-19 en onsekerhede, is hierdie boek ’n moet-les vir elkeen wat dieper wil delf oor wat dit beteken om met hoop te leef as gelowige.

► *Ds Lizette Viviers is ’n beroepbare predikant van Johannesburg. Sy is tans betrokke by bediening aan Doves in gebaretaal.*

Hulp vir stil raak en God te hoor

Jy sal oukei wees deur Milanie Vosloo
Uitgewer: Bybel-Media, 2020
Resensent: Thania Botha

“Jy sal oukei wees.” Dalk het iemand – jou ma, vriend/vriendin of selfs jou terapeut – ook al probeer om ’n kop-ondersteboen-emosionele-jy met hierdie woorde moed in te praat. Dan het jy maar met ’n aangeplakte glimlag jou waardering vir die gedagte gewys, terwyl jy eintlik dink: “Hoe weet jy dit as jy nie ’n ent in my skoene geloop het nie? Hoe kan jy my daarvan verseker as nie een van ons weet wat in die toekoms voorlê nie?”

Milanie Vosloo begelei egter die leser met haar boek om in ’n raserige wêreld stil genoeg te word, om te hoor hoe *God self* vir hom of haar sê: “Jy sal oukei wees.” En dit maak hierdie, andersinsvol-gate-stelling, geloofwaardig en geneeskragtige.

Sy bring dit tuis dat God ons elkeen van harte ken en liefhet, of jy nou twyfel of jy oukei sal wees, of jy nie wil erken dat jy nie oukei is nie en of daar net nie tyd is om nie oukei te wees nie. Hy gee elke tree saam met jou in jou ou-uitgetrapte, of jou blinkgepoleerde skoene en Hy wil (en kan!) jou die versekering gee dat jy wel oukei sal wees, omdat Hy

jou verlede ken, weet wat die toekoms inhou, maar bowenal, omdat Hy jou in die “nou” vashou.

Elke dagstukkies word op ’n kleurvolle wyse aangebied in ’n lekker-leeskryfstyl, met verfrissend-eerlike vrae en vertellings waarmee elke gelowige kan identifiseer, asook diepgewortelde geloofswaarhede wat op eenvoudige en Skrifgetroue wyse weergegee word. Daarmee saam rus Vosloo ook gelowiges toe met praktiese raad om te leef soos iemand wat gehoor het hoe God sê: “Jy sal oukei wees” – en dit glo!

► *Ds Thania Botha is ’n predikant in Port Elizabeth.*

Om kinders se weerlose wêreld te ken

Childhood vulnerabilities in South Africa: Some ethical perspectives deur J Grobbelaar en C Jones (reds)
Uitgewer: Sun PReSS, 2020
Resensent: Quinette le Roux Weitsz

In *Childhood vulnerabilities in South Africa: Some ethical perspectives* word onder Grobbelaar en Jones se redakteurskap die unieke omstandighede ondersoek wat bydra tot die weerloosheid van kinders in ons land.

Die boek poog om beide krities-akademiese denke asook teologies-etiese denke aan te wakker, om sodoende ons morele verantwoordelikheid teenoor hierdie groep uit te lig. Plaaslike navorsers uit verskillende akademiese velde (onder andere arbeidsterapie, teologie, gesondheidswetenskappe en ekonomie) is gebruik om verskeie fasette van ons konteks te bestudeer. Daar is seker gemaak dat Suid-Afrika se unieke konteks

in ag geneem is, om sodoende uit te kom by teologies-etiese riglyne vir die kerk en die rol wat die kerk kan speel.

In tien hoofstukke word verskeie aspekte bespreek wat ’n impak het op ons Suid-Afrikaanse kinders. Van die temas is onder andere:

- Die roeping van die kerk teenoor ons kinders
- Hoe godsdiens gebruik behoort te word om geweld teenoor kinders te bekamp
- Die omstrede kwessie van lyfstraf
- Die kwessie van manlike ontgroening, besnydenis en manlike seksualiteit binne die Afrikakultuur
- Kinders binne LGBTIQ+-families
- Die kinderhuwelik binne sekere kulture
- Hoe beskerm ons ons kinders binne ’n digitale wêreld?
- Die effektiwiteit van kindertoelaes binne ons sosiale sisteem


• Die stigma teenoor FAS (Fetale Alkoholsindroom)-kinders en hulle moeders

Hierdie boek sal waardeer word deur enige persoon wat belangstel in die etiese en maatskaplike rol wat die kerk behoort te speel in ons hedendaagse omstandighede – veral wanneer dit kom by kinders. Dit sal selfs gebruik kan word as verpligte leesstof vir teologiese en maatskaplike studente. Die navorsing gee vir ons ’n baie duidelike prentjie van wat op die oomblik in ons wêreld (en ons kinders se wêreld) aan-gaan. Die werklikhede van hierdie navorsing kan beslis nie ontken word nie – en ook nie die verantwoordelikheid wat die kerk het teenoor hierdie werklikheid nie.

► *Ds Quinette le Roux Weitsz is ’n berader en familiebemiddelaar in privaat-praktijk in Oos-Londen.*

Bm
Bybel-Media

**Die klip in Lisa
se borskas**



Die klip in Lisa se borskas
Lisa se kleurryke storie met die baie fasette is spesiaal geskryf vir alle kinders (jonk en oud) om hulle te help om die dood te verwerk. Dit is ’n storie wat sê die liefde is altyd sterker as die dood.



Het ons 'n plek en roeping?

RUDI SWANEPOEL

Laasweek het 'n matrikulant my gekontak. Sy wil met my gesels oor 'n geskiedenisstaak.

Haar tema? "Tot watter mate het die NG Kerk die aanvaarding van apartheid aangemoedig binne Afrikaanse gemeenskappe, in plaas daarvan om dit teen te staan?"

Sy het toe 'n paar dae later kom kuier. Ons het 'n goeie, maar ongemaklike gesprek gehad.

Ek het my bes gedoen om haar vrae eerlik te beantwoord.

Sy wou byvoorbeeld by my weet of die gemeentes waar ons (ek en my gesin) lidmate was in die laat 1970s en vroeë 1980s ons gehelp het om te begryp dat apartheid verkeerd was. Ek het vir haar gesê dat dit nie die geval was nie, maar dat die gemeentes (en die kerkverband) ons gehelp het om te verstaan dat ons (die wit Afrikaanses hier in Suid-Afrika) baie spesiaal is omdat ons die lig van die evangelie na Donker Afrika gebring het en vir daardie rede eintlik erkenning verdien vir ons heldedade as mini-reddertjies van die onbeskaafdes, onopgevoedes en die heidene.

Ek het onthou hoe ons – die NG Kerk van daardie tyd – regtig egtig beter was as almal anders. In die dorpe waar ons gewoon het, het dit só gewerk: NG mense (en sou ek later eers ontdek, NP-mense) was bo. Neffens onder hulle die Hervormers en die Gereformeerdes.

Heelwat verder onder hulle die ander wittes van die AGS en die Pinksterkerke. Maar hulle was juis verder onder, want hulle was eintlik sektes.

Die Doppers in hierdie dorpe se redding was dat hulle darem Psalms gesing het en die Hervormers s'n hulle uitsonderlike Hollandse teologie. Of so iets.

Swart mense het in huise of op plase gewerk en nie hulle opvoeding waardeer nie.

Dit was 'n wit wêreld. Die handjievool, klein handjievool wit Afrikaanses wat nie in hierdie wit wêreld wou bly woon nie was kettters en terroriste. En Kommuniste, linkses en humaniste wat nie deel is van die Afrikanervolk en die ware kerk nie.

Die matrikulant wou weet wanneer ek anders begin dink het.

Ek het haar van juffrou Barnard op Lichtenburg vertel, dat sy my in standerd 7 aangeraai het om Brink en Breytenbach te gaan uitneem in die grootmense-afdeling van die dorpsbiblioteek en alles te lees wat ek kan.

Ek het stories gelees wat vertel het van hoe mense ontmens is, gesien hoe ons kerk en politici en die kerkorde en wette mense kategoriseer en klassifiseer en hulle nie eens die vryheid gun om lief te wees vir hulle geliefdes nie.

Ons het die Bybel ook probeer lees en steeds – byna daagliks – die evangelie aangehoor. Ten minste een keer per week het die dominee gelees dat die be-

langrikste gebod, die heel belangrikste kode waaraan 'n mens getrou moet wees, die een van naasteliefde is. En liefde vir God.

Sover ek kon agterkom was ons baie lief vir God. Vir ons naaste? Hmmm. Hulle was nie ons naaste nie.

En toe kom al die veranderinge, al die skuiwe, die demokrasie en die nuwe grondwet. En in stede daarvan om die grondwet te lees en te vier en te koester en te ken, het ons begin weeklaag omdat God nie meer in ons landswette staan nie, ons nie meer 'n Christelike staat is nie en omdat die jaarlikse landbouskou nie meer met Skriflesing en gebed geopen gaan word nie.

Ons het nie aan 'n nuwe storie begin skryf nie. Ons wou nie sien en hoor wat die VVK tot ons ore bring nie.

Ons het regtig nie baie gedoen om dit wat verkeerd was – baie verkeerd – reg te maak nie.

En hier is ons nou. Dit is 2021. Ons het dit vir byna drie dekades gemaak in die Nuwe Suid-Afrika en probeer nou om 'n pandemie te oorleef. Ons kerke bestaan nog. Die Bybel is pas (weer) in Afrikaans vertaal. Ons voel soms ons het tog 'n rol om te speel in hierdie land, maar die meeste van die tyd bly dit by die sing van 'n liedjie waarin ons met toe oë vra dat die Here ons sal stuur. Of sal gebruik.

'n Nuwe dimensie van ons geloof is dat ons nou die reg het om mense soos

Malema en ander swart rassiste te haat.

Ons mag nou doen wat Jesus ons beveel het om nie te doen nie. Dit is óns reg om te kies wie ons sal liefhê.

Skielik is wit oorheersing 'n Amerikaanse tema ook. Maar hier – so sê baie – is dit eerder swart oorheersing. Kyk wat doen BEE. Kyk wat gebeur op die plase en my kind is gister deur 'n pothole: Dis net genade dat sy met haar lewe daarvan afgekome het. Hulle kan net niks bestuur nie en boonop is niks oor na hulle alles gesteel het nie. En hulle gaan mos nie tronk toe nie. (Laas toe ek gekyk het is Markus Jooste ook nie tronk toe nie.)

Ons is die enigstes wat bloei, die enigste slagoffers, die enigstes wat elders 'n heenkome moet gaan soek.

Ons vergeet dat almal seer het. En ons vorder nie. Ons bly stukkend en kwaad en *victims*. Ons is almal goed en hulle is almal *useless*.

Is die land en haar mense nie nou meer gehawend as ooit nie? En wie se skuld is dit?

En hoe moet ons nou kerk wees? Met watter postuur en woorde moet ons hier probeer aanhou bly?

Het ons 'n plek?
Het ons 'n roeping?
Het ons 'n verantwoordelikheid?
Het ons 'n kans?
En wat moet ons nou dóén?

► *Ds Rudi Swanepoel is predikant van die Andrew Murray Gemeente in Johannesburg.*

Van bl 11

Die Psalms: Oor sielenood, siekte en lofprysing

in die Psalms na verwys word, is die eienskap van God se barmhartigheid. "Barmhartigheid" is 'n woord wat nie op straat of in die supermark gehoor word nie. Daarom is dit so moeilik om dit gepas te vertaal. Die woord "barmhartigheid" het ontstaan as 'n leenvertaling uit die Latyn, waar die woord *misericors* (miser: "arm/ellendig" en *cor/cordis*: "hart" = "die een wat 'n hart vir die armes het") deur Ou Hoogduits (armherzi) in Nederlands en Afrikaans as "barmhartig" neerslag gevind het. Dit is in alle Afrikaanse vertalings (1953, 1983, 2020) as "barmhartig" behou. Engelse Bybelvertalings, daarenteen, vertaal hierdie Hebreeuse woord meestal met "tender mercies" (ontferming) of "compassion" (deernis). "Deernis" sou miskien 'n redelik gepaste vertaling vir dié Hebreeuse begrip wees. In Hebreeus het die woord "barmhartig" 'n diep emosionele betekenis. Dit is afgelei van 'n begrip wat "moeder-

skoot" beteken. Nou weet ons tog watter liefdevolle koestering daar vir 'n baba in die moederskoot is. Geen moeite, geen sorg is te groot nie! Daarom het die woord "barmhartigheid" te doen met die innerlike mens, daardie deel van die liggaam waar intense emosies setel.

Saam met hierdie "moeilik-vertaalbaarheid" van sekere Hebreeuse begrippe, moet ook daaraan herinner word dat die Psalms gedigte is. Gedigte is nie in die eerste plek gerig op die oordra van inligting nie, maar om effek te verkry. Een manier om dit te doen is om beeldende taal (simbole of metafore) te kies om ou waarhede op 'n nuwe manier te verpak. Byvoorbeeld: Hoekom sou die digter van Psalm 23 die herderbeeld as mees geskikte simboliese/metaforiese element gebruik om sy sentrale gedagte die beste oor te dra? Wou hy daarmee probeer uitdrukking gee dat dit hier in die eerste plek gaan oor die Herder (God) se omgee en sorg, of

wou hy eerder die klem laat val op die gebruik van destyds dat die herder voor sy skape uitgelopen het en só die een was wat eerste die gevare die hoof moes bied? Ons sal nie weet nie, maar wat wél seker is, is dat beeldryke taal 'n handige instrument is om diep waarhede in 'n nuwe gewaad te klee. In dié sin is die Psalmboek in wese 'n beeldboek en dit is wat dit so fassinerend maak!

In samehang met hierdie digterlike, beeldende segswyse moet ook genoem word dat sodanige taal digterlike vryhede toelaat. By nadere kyk na sekere van die Psalmbeelde (veral in die kontekste van die ou Nabye Ooste) raak 'n mens deeglik bewus van die ryk-geskaardheid van sommige daarvan. Byvoorbeeld, talle van die Godsbeskrywings is (in teenstelling met die dominant-manlike beskrywings in die Psalmboek) in terme van vroulike beelde. In Psalm 22:10 en 71:6 is God die Een wat die bidder soos 'n vroedvrou

uit die moederskoot gehaal het. Op 'n ander plek (Ps 139:13) is dit God wat die bidder reeds lank tevore al in die moederskoot kunstig aanmekeer ge-weef het. Weefkuns was in die ou Nabye Oosterse wêreld 'n kuns wat deur vroue bemeester is. Ook God wat die digter "wegsteek in die skadu van sy vleuels", wat talle kere in die Psalms na verwys word, is "moederlike" beelde.

● Meer oor Kruger: "Ten spyte van die feit dat ek die grootste deel van my lewe in die Wes-Kaap (Stellenbosch) gewoon het, is ek gevorm deur my eertydse geboorteplek: die destydse Suidwes-Afrika, op 'n karakoelplaas in die Suide. Dit is 'n meedoënlose, droë wêreld waar jy alleen kan oorleef as jy dapper en veerkragtig was. Ek is deur dié omgewing in my diepste wese gevorm. As ek moet, sou ek myself beskryf as 'n vasbyter wat kan aanhou, ten spyte van wat op my pad kom."

VERSTAAN die Bybel

Hierdie verstaan bied ook 'n lens op Paulus

MARIUS NEL

In hierdie reeks rubrieke kyk die skrywer na die gebeure wat die wêreld gevorm het waarin die Nuwe Testament geskryf is. Hierdie is die derde aflewering. Voriges kan gelees word by kerkbode.co.za onder die Dinkstof-hofie in die navigasiekolom.

Die derde gebeurtenis wat Warren Carter uitlig as belangrik vir ons verstaan van die Nuwe Testament is die gebeure wat aanleiding gee tot die herindiensneming van die tempel in Jerusalem. Die aanloop tot die gebeurtenis begin met die dood van Aleksander die Grote (323 vC). Aangesien hy geen opvolgers verwek het nie, is sy ryk verdeel tussen sy generaals. Egipte is aan Ptolemeus en Assirië (die

hedendaagse Turkye en Sirië) aan Seleukos gegee. Die dinastieë, met Palestina as landbrug tussen hulle, was vir dekades in konflik met mekaar. Palestina was aanvanklik onder Ptolemeuse oorheersing voor dit vanaf 200 vC deur die Seleukiede oorheers is.

In dié tyd het een Seleukiede heerser ongekende ellende oor die Jode gebring. Vanaf 175 tot 164 vC het Antiochos Epifanes IV met geweld gepoog om die Jode te Helleniseer. Hy verban die viering van die Paasfees en die Sabbat, stroop die tempel se skatte en laat Zeus daarin aanbid word. In reaksie hierop het die priester Mattatias en sy vyf seuns die swaard opgeneem. Uiteindelik slaag sy seun Judas Makkabeër (letterlik “die

hamer”) daarin om die Seleukiede te verdryf. Op 14 Desember 164 vC word die tempel weer in gebruik geneem en was die Jode na eeue weer vry.

Carter wys daarop dat die vryheidstryd verskillend deur twee nie-kanonieke boeke vertel word. 1 Makkabeërs onderskryf die gewelddadige weg wat die Makkabeërs gekies het. 2 Makkabeërs beklemtoon egter eerder die rol van martelare. Dit vertel van die bejaarde Eleasar wat kies om te sterf eerder as om varkveis te eet, en van 'n ma en haar sewe seuns wat doodgemartel word om dieselfde rede. 2 Makkabeërs beklemtoon dat dit beter is om te sterf vir jou geloof as om daarvoor te veg, en dat God diegene wat sterf as regverdige

uit die dood sal opwek. Die dood van die regverdige sal God verder beweeg om genade aan sy volk te betoon.

Beide denkrigtings het die Jode in die tyd van Jesus steeds beïnvloed. Een manier om Paulus te verstaan, is dat hy voor sy bekering volgens die denkrigting van 1 Makkabeërs die Joodse geloof wou beskerm deur die volgelinge van Jesus gewelddadig te vervol. Na sy bekering beklemtoon hy egter in lyn met die denke van 2 Makkabeërs die genadige uitwerking van Jesus se dood as martelaar, en sy opstanding uit die dood as regverdige, op gelowiges se verhouding met God.

► Prof Marius Nel doseer Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch.

TERUG NA DIE TOEKOMS

JOHAN VAN DER MERWE

Die Covid-19-pandemie het die land waarin ons leef op sy kop gedraai. Namate die ramptoeestand en die gepaardgaande gevolge van die inperkings duideliker begin word het, het 'n ander pandemie duidelik kop uitgesteek: onbegrensde armoede! Oor die hartverskeurende gevolge van hierdie armoede wat deel van ons werklikheid geword het, het 'n dagblad onder die opskrif “Covid se wesies – ‘vat net my kind’” enkele dae gelede soos volg berig: “Al hoe meer desperate ouers – finansiële geruïneer nadat hulle hulle werk weens die Covid-19-pandemie verloor het – wil hulle kinders weggee omdat hulle nie meer vir hulle kan sorg nie. Ander laat selfs pasgebore babas by

die hospitaal agter omdat hulle angstig en oorweldig voel weens die ekonomiese druk.”

Hierdie skokkende stand van sake speel egter nie die eerste keer in ons samelewing af nie. Met die Groot Griep van 1918 is die kerk en samelewing met 'n soortgelyke krisis gekonfronteer.

Die *Kerkbode* van 28 November 1918 het soos volg berig oor 'n kongres wat deur die NG Kerk van die OVS gereël is om die versorging van wesies te bespreek. Die uitnodiging na die kongres vertel reeds die verhaal: “By vele het ontwaking gekom na die plaag Suid-Afrika geteister het, en dit die lot van baie agtergeblewene en onversorgde kinders geword het, om wees te word.

‘Vat net my kind’ – ‘n Hulproep aan die kerk

Die vraag word angstiglik gevra: “Wat sal van ons wesies word?” Kerkrade is ernstig versoek om afgevaardigdes na die kongres te stuur wat op Donderdag 19 Desember 1918 in die Gedenksaal in Bloemfontein sou plaasvind. Die saak op die agenda was wat met die weeskinders sou gebeur en waar geld vandaan gekry sou word om 'n noodprogram van stapel te stuur om hulle te versorg.

In *Die Kerkbode* van 5 Desember 1918 het 'n volgende berig onder die opskrif: “Ons hawelose en onversorgde kinders” verskyn. Daarin is berig dat die toestand in die land droewig verander het met die epidemie en dat die versorging van hawelose en ouerlose kinders

'n ernstige saak geword het. Die verslag verwys onder meer na die jaarverslag van die Langlaagtekinderhuis in Johannesburg waarin ds AA Louw berig het dat 353 kinders weggewys moes word as gevolg van 'n gebrek aan “woonruimte”.

Miskien is dit nodig dat die NG Kerk nou, soos in die verlede, daadwerklik optree om te help om iets aan hierdie hartverskeurende saak te doen. “Vat net my kind” is 'n noodroep wat gerig is aan die hart van die NG Kerk. As kerk van Jesus Christus mag dit nie by ons verby gaan nie.

► Prof Johan van der Merwe doseer kerkgeskiedenis aan die Universiteit van Pretoria.

In pas met die lewende God

LOURENS BOSMAN

Die was die New Yorkse skrywer en humoris, Fran Lebowitz, wat gesê het: *The opposite of talking isn't listening. The opposite of talking is waiting.*

Ongelukkig is sy reg, in baie gesprekke luister mense nie terwyl die ander praat nie, hulle wag maar net om self weer aan die woord te kom.

Aan die hart van 'n lewe in pas met die lewende God is dat ons sal leer om te luister.

Die leierskapguru, Otto Scharmer, het vier vlakke van luister onderskei. Hy pas dit uiteraard toe op [goeie leierskap](#) maar dit is ook besonder toepaslik vir ons.

Op vlak 1 luister 'n mens eintlik maar

net om te bevestig wat jy reeds weet. Ons almal is soms in 'n soort situasie waar niks nuuts na vore kom nie en jy net bestaande idees aflaai.

Vlak 2 gaan oor luister om nuwe insig te verkry. Dit vra dat jy jou innerlike filters oopmaak en fokus op feite wat verskil van wat jy reeds weet. 'n Mens het 'n oop gemoed hiervoor nodig. Scharmer noem dit feitelike luister en reken dit is die fondasie van enige nuwe kennis.

Om empaties te luister, is die derde vlak. Nou skuif jou fokus van dinge na mense. Dit vra vir 'n oop hart, vir openheid hoe die ander persoon voel en om

met sy of haar oë te kyk.

Om in pas te wees met God, is luister op vlak 2 en 3 nodig. 'n Mens moet oop wees vir nuwe feite oor die wêreld om jou, veral oor die gemeenskap waarin jy leef. Jy moet ook oop wees vir ander mense se emosies en belewenis.

Luister op vlak 4 is egter deurslaggewend. Dit is waar jy jou oopstel vir moontlikhede wat jy nie kan raaksien solank jy net op feite of mense fokus nie. Op hierdie vlak ervaar jy dinge wat jy nie met woorde kan uitdruk nie. Alles beweeg stadiger en jy het die belewenis om stil en in die oomblik teenwoordig te wees. Jy voel jou verbonde aan iets

groter as jyself. Jy laat los en laat kom. En wat na jou toe kom, is die nuwe moontlikhede wat God gee.

Die Deense filosoof Kierkegaard het so oor gebed geskryf: 'n Man het gebed. Eers het hy gedink, gebed is om te praat. Maar hy het stiller en stiller geword tot dat hy ontdek het, gebed is om te luister.

Die teenoorgestelde van praat is inderdaad om te wag. Maar dit is anders as om jou kans af te wag om te praat. Hier beteken dit om op God se teenwoordigheid te wag.

► Dr Lourens Bosman is die algemene bestuurder in die kantoor van die Algemene Sinode.

Die teenoorgestelde van praat



Anandie gesels met TANYA VAN WYK



‘Om ’n begin te vind in dit wat soos ’n einde lyk’

Jürgen Moltmann is ’n Duitse sistematiese teoloog wat bekend is vir sy teologie oor lyding, die kruis en hoop. Wanneer die tema van tragedie ter sprake kom, is Moltmann se werk ’n baken van hoop vir verskeie teoloë, ook vir dr Tanya van Wyk.

Van Wyk begin die gesprek oor haar teologiese held, Moltmann, deur ’n persoonlike herinnering met *Kerkbode* te deel. In 2017 het hy Suid-Afrika besoek. Dit was die eeufeesvieringe van die Teologiese Fakulteit van die Universiteit van Pretoria. Sy dink terug aan die toe 91-jarige, wêreldberoemde teoloog, en sy beskryf hom as “avontuurlustig” en met “blink oë”. Van Wyk onthou hoe sy tóé, maar eintlik steeds vandag, wonder hoe hy te midde van persoonlike ervaring van lyding en tragedie, “blinkoog” en met aanhoudende “hoop” deur die lewe gaan.

Moltmann het in 1943 dienspligtig geword tydens die Tweede Wêreldoorlog. Hy was reeds deel van die *Jungenvolk*, Hitler se jeugbeweging. Later daardie jaar het hy ’n bomontploffing oorleef. Hierdie was een van sy eerste

ervarings met lyding. In die aanval Operasie Gomorra, is duisende mense dood. Die gebeure het diep vroe by Moltmann veroorsaak, want sy vriend, wat langs hom gestaan het, is dood. En hy het oorleef. Hoekom?

In 1945, kort voor die einde van die oorlog, word Moltmann se bataljon deur Britse magte vasgekeer, vertel Van Wyk. In sy outobiografie, *A broad place*, skryf Moltmann dat hy weggekruip het vir die Britse weermag. Na dae se haglike omstandighede loop hy homself in Britse soldate vas en gee homself oor.

Moltmann beland later in ’n kamp in Skotland en is verbaas oor hoe hy, ’n Duitser, behandel word. Van Wyk beklemtoon dat hy met menswaardigheid behandel is en vriendelik verwelkom is. Hy ontvang ’n Bybel en lees van Jesus se uitroep en Godverlatenheid aan die kruis. Dit is ’n uitroep waarmee hy identifiseer. Hy kom tot die oortuiging dat as God self lyding ervaar het, sal God ook sy lyding verstaan. Moltmann pen ook later hierdie denke en teologie neer in *The crucified God*.

Van Wyk is versigtig om namens Moltmann te praat. Sy trek kort-kort

nog ’n publikasie van hom nader. “*Christ’s God forsakenness showed me where God is. Where he had been in my life, and where he would be in the future,*” haal sy hom weer aan. Sy sê weer dat Moltmann se ‘blinkoog’ houding ‘onverstaanbaar’ is. Sy kom tot die gevolgtrekking dat sy geloofsoortuiging hierdie houding moontlik maak en hom energie gee. Daarom verwoord Van Wyk die ‘hoop’ waarvan Moltmann praat as ’n ‘geloofsenergie’. Sy druk dit uit as “om ’n begin te vind in dit wat lyk soos of dit op die oomblik ’n einde is”.

Moltmann erken in terme van tragedie, meen Van Wyk, dat daar verskillende vorme van lyding is. “Dit is die punt, hy het nie net teologie geskryf nie,” verduidelik sy. Dit begin by sy eie persoonlike verlate gevoel en dit resonner met wat hy lees van wat Christus aan die kruis ervaar het – verlatenheid. En wat gebeur? “*There I became a seeker of the God,*” lees Van Wyk uit Moltmann se lewensverhaal.

“*God is a broad place where there is no cramping,*” deel Van Wyk in verwysing na Moltmann se verhaal. ’n Ruimte waar mense kan leef in ’n spasie van versoe-

nende verskeidenheid en nie kompeteer nie. Hierdie ruimte is ’n bevrydende ruimte – God. Moltmann het iets hiervan in die kamp beleef, toe hy menswaardige behandeling, pleks van veroordeling, beleef het. Vir Moltmann het hoop ook ’n sterk sosiaal-etiese karakter. En wat beteken dit? “Waar ons lyding sien – raak betrokke!” antwoord sy.

Van Wyk sluit die gesprek af met nog ’n persoonlike herinnering van Moltmann. Moltmann se teologie het haar op akademiese en persoonlike vlak gevorm. Sy wys ’n foto getiteld ‘hoop’. ’n Foto waar sy en Moltmann saam aan tafel sit tydens sy besoek aan Pretoria. ’n Foto wat eintlik die herinnering vasvang van ’n gesprek waarin sy met hom meedeel hoeveel betekenis sy teologie van hoop ook in haar lewe teweegbring het. Sy reaksie was: “*Praise be to God.*” Moltmann wys dat hoop as respons op tragedie nie net teoreties is nie, maar dat ons ook uitgedaag word om met blink oë hoop te bring.

► Dr Tanya van Wyk doseer sistematiese teologie aan die Universiteit van Pretoria.



Marileen gesels met KHEGAN DELPORT



Oor tragedie en transendensie

Tragedie. Vir party is dit die kunsvorm van bekende skrywers soos Sofokles en Shakespeare. Vir ander is dit ’n filosofiese konteks. Vir die meeste mense is ’n tragedie egter ’n gebeurtenis wat in die hier en nou afspeel. Dit is die ervaring van lyding wat die mens laat voel dat iets verkeerd is, dat omstandighede teen hulle is en hulle ontstig. Tragedie gebeur daar waar die mens bewus word van hulle beperkinge in hierdie lewe. Dr Khegan Delport is diep geïnteresseerd in hierdie werklikheid van die menslike bestaan en vra: Wat kan teologie oor tragedie sê?

In sy PhD-tesis getitel “On tragedy and transcendence: A critical exposition of Donald Mackinnon and Rowan Williams in the context of a modern debate” kyk Delport na die onderskeie stemme wat probeer sin maak van teologie se verhouding met tragedie. Die stemme in dié debat, vertel hy aan *Kerkbode*, is geneig om aan een van twee kante van ’n spektrum te val. Aan die een kant is daar ’n vorm van idealisme, ’n stem wat sê dat alle tragedie oorkom kan (en gaan) word. Dié stemme is geneig om te vinnig verby die menslike ervaring van tragedie te be-

weeg en dit gevolglik, in vele gevalle, te ontken. Aan die ander kant van die spektrum is daar die teologie van die tragedie wat, byna fatalisties, stel dat die tragedie deel van die onderbou van die lewe is en sal bly. Dit is ’n teologie wat tragedie volwaardig wil omhels. Delport beskryf dit as ’n spanning tussen die tragedie en die anti-tragedie.

Vanuit die werke van Mackinnon en Williams, stel Delport egter ’n middeweg voor. Hy verwys daarna as ’n paradoks wat probeer om beide die menslike ervaring van tragedie ernstig op te neem, sowel as die teologie wat erns maak met die oorkoming van hierdie tragedie.

Hy praat van die manier waarop Christus se lewe op hierdie paradoks wys: Jesus se lewe spreek van beperking, van eindigheid; deur Jesus se inkarnasie tree Hy op binne ’n beperkte, weerlose liggaam; die gelykenisse het telkens ’n tragiese ondertoon; die feit dat Jesus nie deur sy eie mense as die Messias erken word nie, is “tragies”; en die tragedie bereik sy hoogtepunt (of is dit laagtepunt?) wanneer Jesus aan ’n kruis gehang word en die tragedie van God se verlatenheid beleef.

Tog spreek Jesus se lewe ook van die

oorkoming van tragedie: van die opstanding en die wederkoms wat die belofte van die einde van verwonding inhou. Nie dat hierdie oorkoming die kruis kanselleer nie. Delport verwys spesifiek na Jesus se interaksie met Tomas na sy opstanding. Die feit dat daar wonde was waaraan Tomas kon vat, is vir Delport ’n teken van die feit dat die mens se lyding, sy wonde na afloop van tragedie, nie net verdwyn nie. “Human suffering is included within and not negated by the salvific drama,” sê hy. Tog het die verwonding en die tragedie nie die laaste sê nie. “Tragic is finite, not the finality,” verduidelik Delport. Tragedies kan wel oorkom word, al is dit eers binne die groter raamwerk van die menslike verhaal.

Khegan sit en gesels met ’n as-kruis op sy voorkop getrek. Hy praat van Aswoensdag. Hy hou van Aswoensdag, sê hy. Dit is ’n dag waarop die mens hulle eie beperkinge, weerloosheid, sondigheid en lyding in die oë kan kyk. “It is the great leveller of people,” wat almal gelyk in die oë van God maak. Dit is, as ’t ware, die dag wanneer die mens die tragedie van die lewe in die gesig staar. Lydenstyd is egter ook die herinnering

dat die tragedie op pad is, nie net na Goeie Vrydag nie, maar ook na Opstandingsondag.

En Korona? Tel dit as tragedie? Vroeg reeds maak Delport dit duidelik dat tragedie subjektief is en dat ’n gebeurtenis vir die een ’n tragedie kan wees en die ander nie. Covid gaan wel gepaard met verliese en die mens se ervaring van hulle beperkinge en inperking. So tussendeur sy werk word dit duidelik dat mense se belewenis van die tragedie in Covid (en sommige se gevoel dat hulle daardeur oorweldig word) nie ontken kan word nie. Tog is daar ook die hoop dat Covid nie die laaste sê het nie. Dit is die ironie dat selfs tragedie sy beperkinge het en dat dit ook ’n eindpunt binne die groter skema van die Skepping het.

*Khegan Delport is buitengewone dosent in Teologie by Hugenote Kollege op Wellington. Hy is ook navorsingsgenoot by die Universiteit Stellenbosch (US) en die Universiteit van die Vrystaat (UV). Hy het sy doktorsgraad in April 2019 aan die US verwerf.

► Ds Marileen Steyn is jeugleeraar by NG Saldanha.



Vakante pos: LERAAR

Aansoeke sluit: 31 Maart 2021

1. Gemeente profiel:

- 1.1. Delmas-Wes is 'n tipiese plattelandse gemeente in Mpumalanga binne die
- 1.2. Hoërskool Delmas en die koshuis is bure van die kerk en deel van die bedieningsveld.
- 1.3. Eloff en Modder-Oos oorde word ook bedien.

Die gemeentevisie is: *"God elke dag in almal sigbaar"*

2. Leraarsprofiel:

- 2.1. Help skep aan 'n kultuur waarin die visie kan realiseer.
- 2.2. Leef, lei en werk doelgerig in afhanklikheid van die Here.
- 2.3. Skrifgetroue, Geesgeïnspireerde, relevante prediking is 'n hoë prioriteit.
- 2.4. Leef in en bou aan goeie verhoudinge binne en buite die gemeente.
- 2.5. Bemagtig lidmate.
- 2.6. Begryp die uitdagings van 'n plattelandse gemeente waar alle hulpbronne nie beskikbaar is nie.
- 2.7. Vaardig om alle ouderdomsgroepe te bedien.
- 2.8. Vaardig met die gebruik van multimedia en ander toepaslike sosiale platforms.
- 2.9. Goeie kommunikeerder en waardeer wedersydse inspraak van gemeentelidmate.
- 2.10. Leef en verkondig 'n koninkryksvisie, waar almal welkom is.

3. Aanstelling:

- 3.1. Sal aangestel word onder Artikel 9 van die Kerkorde.
- 3.2. Vergoeding is onderhandelbaar binne sinodale riglyne.
- 3.3. 'n Ruim pastorie is op die terrein beskikbaar.
- 3.4. Die gemeenteraad behou die reg voor, om nie noodwendig die pos uit enige van die aansoeke te vul nie.

4. Aansoeke:

- 4.1. Gelegitimeerde predikante met bedieningservaring word genooi om 'n volledige CV met ten minste twee referente/ verwysings voor **31 Maart 2021** te stuur aan: ngdelwes@lantic.net
- 4.2. Navrae kan gerig word aan: Felix Treurnich by 082 633 0304 of Barend Kruger by 082 374 6645.

NG GEMEENTE STEYNSRUS

VAKATURE: VASTETERMYNPOS (TWEË JAAR-KONTRAK)

GEMEENTEPROFIEL: Steynsrus is 'n klein plattelandse dorp, geleë in die Noordoos-Vrystaat, 50 km vanaf Kroonstad, 50 km vanaf Senekal en 90 km vanaf Bethlehem. Tans is daar 242 belydende en 47 dooplidmate. Die gemeente is 110 jaar oud en bestaan uit ses dorpswyke, sewe plaaswyke en 'n tehuis vir bejaardes. Steynsrus leen homself tot 'n gesonde, aktiewe en veilige leefstyl met toegang tot goeie skole in omliggende dorpe. Die hoof- ekonomiese aktiwiteit in die gebied is landbou.

LERAARSPROFIEL:

- 'n Gelegitimeerde in die NG Kerk.
- ATP-geregistreer.
- Artikel 9 van die Kerkorde vorm basis van die dienskontrak.
- 'n Leraar met 'n passie vir die plattelandse bediening.
- Pastorale, siek- en huisbesoeke is belangrik – verdere pligte soos omskryf en ooreengekom met die kerkraad.

VERGOEDING: Totale koste van vergoeding (TKVI) – R360,000 per jaar. Onderhandelbaar. Gratis pastorie is beskikbaar (vereiste is dat suksesvolle kandidaat in die pastorie sal woon) – munisipale rekening is vir eie koste.

AANSOEKE: Slegs elektroniese aansoeke word aanvaar.

Aansoeke moet vergesel wees van 'n volledige CV en kontakbesonderhede van drie onlangse verwysings. Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en preekbeurt – reiskoste tot en met R750 sal betaal word.

RIG AANSOEKE AAN:

Die Kerkraad, NG Gemeente Steynsrus, per e-pos aan ngksteynsrus@telkomsa.net

SLUITINGSDATUM VIR AANSOEKE: 31 Maart 2021.

DIENSAANVAARDING: 1 Augustus 2021.

NAVRAE:

Ferdi Bam	082 785 6108	Jan Uys	082 375 9217
Abri Smit	072 798 3231	Magda Uys	082 708 0477

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

AMPTELIKE NUUS UIT DIE NG KERK-FAMILIE

Stuur Amptelike Nuus na Lida Viljoen by lida@tydskrifte.co.za

as leraar by NG Kerk Oranjevallei. (Elna Theron, 24.02.2021).

NG KERK

BEROEP: Ds Gert Barnard na Louisvale/Weg; ds Jannie Engelbrecht van Ottery na Riebeeck-Wes; ds Frans Fouche na Upington-Moedergemeente; ds Daniël Gerhardus Jordaan na Norkempark.

AANVAAR: Ds Heinrich Carstens van Overkruin, Pretoria na Port Elizabeth-Lorraine.

WES-KAAPLAND

BEVESTIGING
Ds Ruan Nieuwenhuizen, voorheen van Brackenfell-Wes, is as leraar van Sutherland gemeente bevestig deur sy broer, ds Johan Nieuwenhuizen, van King Williamstown gemeente, op 14 Feb 2021. (AW Shepherd, Skriba, 16.02.2021).

EMERITAAT

Ds Johannes Jurgens Steyn van die NG gem Worcester-Vallei het sy akte van demissie op 28 Feb 2021 ontvang. Dit is geldig vanaf 1 Mrt 2021. (Debbie Minnie, Voorsitter – Personeel en Diensverhoudige, 15.02.2021).

NOORD-KAAP

BEVESTIGING
Ds Nelius van Niekerk is op 28 Februarie bevestig

KWAZULU-NATAL

BEVESTIGING
Prop JC Els het die beroep na die NG gem Bergville aanvaar. Hy is op 28 Feb 2021 bevestig en sy intrepreek sal op 7 Mrt 2021 om 10:00 plaasvind. (Marcelia Mouton, Saakgelastigde, 17.02.2021).

VRYSTAAT

EMERITAAT
Ds S Spamer van die NG Kerk Heuwelsig ontvang sy emeritaat op DV 31 Maart 2021. (PJB Coetzer, Ringskriba, 23.02.2021).

NOORDELIKE SINODE

BEVESTIGING
Prop Marietjie Bergh word op Sondag 28 Maart 2021 as leraar in Riviera-Jakaranda-gemeente georden en bevestig. (Derick du Toit, Ringskriba, 25.02.2021).

OOSTELIKE SINODE

EMERITAAT
Ds Carl Louwrens van die Krugerwildtuin gem het op 31 Aug 2020 geëmeriteer. Hy het sedertdien op kontrakbasis voortgegaan. Sy afskeidsdiens het plaasgevind op 28 Feb 2021. (Anru Liebenberg, Ringskriba, 23.02.2021).



kerkbode

VAKATURE BY KERKBODE: UITVOERENDE JOERNALIS

Tydskriftemaatskappy, 'n afdeling van Bybel-Media, wag aansoeke in vir die pos van Uitvoerende Joernalis by *Kerkbode*, die amptelike digitale en gedrukte nuuskanaal van die NG Kerk. Dit is 'n voltydse betrekking wat op Wellington setel. Tyd kan wel gedeel word met Bybel-Media.

Die suksesvolle kandidaat sal rapporteer aan die redakteur van *Kerkbode*.

Die posbekleër sal

- daarna streef om die koerant en digitale platform 'n spieël vir die kerk en lidmate te maak.
- gebalanseerd verslag doen oor amptelike standpunte, inligting, debatte of gesprekke in die kerk.
- self stories vertel deur artikels onder tydsdruk te skryf.
- weet hoe om 'n digitale gehoor deur sosiale media en die web uit te bou met die doel om onder meer vir adverteerders waarde te skep.
- gedrukte uitgawes van *Kerkbode* in spanverband help beplan.
- vryskutbydraes reël, redigeer en proeflees.

Die posbekleër moet

- oor bewese joernalistieke ervaring asook uitstekende taal- en skryfvaardighede beskik.
- teologiese aanvoeling hê en die verskillende vertakings en/of denkrigtings binne die kerk verstaan oor goeie kennis en begrip van die kerklike strukture en prosedures beskik, en lojaal daarteenoor wees.
- 'n goeie spanspeler met uitstekende menseverhoudings wees.
- bereid wees om persoonlikheidsbeoordeling en 'n vaardigheidstoets gedurende die keuringsproses te ondergaan.
- Die posbekleër moet nie 'n gelegitimeerde van die kerk te wees nie.

Rig aansoeke, tesame met 'n bondige CV en dekbrief, nie later nie as 5 Maart 2021 in elektroniese formaat per e-pos aan: leroux@bmedia.co.za.

Navrae kan per e-pos gerig word aan leroux@bmedia.co.za

**Om te adverteer in *Kerkbode*, kontak Hanlie Raath:
Sel: 072 357 8914. E-pos: woes@mweb.co.za**

VAKANSIE- AKKOMMODASIE

HERMANUS: Ruim, bekostigbare selfsorg gesinswoonstel aan privaat woonhuis naby die see. Veilige parking. Vanaf R600pn. jdb@hermanus.co.za of 082 929 6350.

JEFFREYSBAAI: SANDKASTEEL - 2 slaapka-mer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

UVONGO: Selfsorgwoonstel. Pragtige see-uitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R520 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779. Webblad: www.grietseplek.com

Vriende van kerkbode

Die behoefte aan betroubare en gebalanseerde kerkjoernalistiek groei by die dag.

Jou ondersteuning stel *Kerkbode* in staat om voort te bou op 'n geskiedenis wat terugstrek tot Januarie 1849

toe die eerste *Kerkbode* verskyn het met die oorspronklike doel om "godsdienskennis te versprei".

Besoek www.kerkbode.co.za om uit te vind hoe jy 'n Vriend van *Kerkbode* kan word.

NG GEMEENTE SONSTRAAL (Durbanville)

Vakature: Musiekbegeleier en digitale verpakking

In afhanklikheid van die Here stel die kerkraad die pos bekend ten einde 'n aanstelling van een jaar te maak met die oog op die musiekbegeleiding, hoofsaaklik tydens ons Ignite-eredienste om 18:00 wat op jongmense gefokus is, asook vir die verpakking van ons digitale uitsendings.

Gemeenteprofiel

Sonstraal-gemeente is geleë in Durbanville in die noordelike voorstede van Kaapstad. Ons bedien 5 400 lidmate, waarvan 1 480 in die ouderdomsgroep van 0 tot 18 val.

Verantwoordelikhede

- Die begeleiding van musiek tydens Ignite-eredienste (fokus: Gr 7 tot studente), jeugkampe en ander byeenkomste;
- Die oprigting, opleiding en aanwending van 'n musikergroep wat saam met die begeleier die Ignite-eredienste vaardig in lofprysing en aanbidding begelei;
- Die bywoon van en saamwerk aan die beplanning van Ignite-eredienste;
- Die verpakking van digitale uitsendings.

Noodsaaklike vaardighede

Die geskikte kandidaat moet oa die volgende karaktereenskappe en vaardighede toon:

- Volwasse gelowige met gebalanseerde spiritualiteit;
- Persoonlike volwassenheid en goeie menseverhoudinge – veral met jongmense;
- Goeie samewerking met leraars en kantoorpersoneel;
- Sangbegeleiding (teenoor optrede) in erediensopset;
- Onderrig en toerusting van musikergroep – veral jongmense;
- Opname van musiek vir gebruik in digitale uitsendings;
- Die gebruik van goeie redigeringsprogram vir digitale verpakking;
- Optimale inskakeling by die gemeente; en
- Kreatiwiteit.

Vereistes

Kandidate sal onderhewig wees aan ten minste een onderhoud en die aflê van 'n persoonlikheidsvaluasie.

Vergoeding

'n Mededingende pakket sal onderhandel word.

Approbasie

Die kerkraad stel 'n approbasietydperk van drie maande voor, waarna die pos vir een jaar beskikbaar sal wees.

Aansoeke

Belangstellendes moet asseblief die volgende elektronies aan ons voorsien by: felicity@sonstraal.org.za

- 'n CV (nie langer as twee bladsye nie);
- Kontakbesonderhede van drie referente;
- Motivering en roepingsbewustheid ten opsigte van die pos (halwe bladsy);
- 'n Skakel na onlangse opnames van jou musiek/begeleiding.

Navrae kan gerig word aan die Voorsitter van die kerkraad: Leon Louw (083 262 0529).

Sluitingsdatum: 10 Maart 2021.

Diensaanvaarding: So gou as moontlik.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

NG GEMEENTE COLIGNY

VAKATURE: LERAARSPOS

Gemeenteprofiel:

Plattelandse gemeente in die Noordwes-provinsie, geleë tussen Lichtenburg, Ventersdorp en Klerksdorp met 297 belydende en 61 doopdidmate. Lidmate is hoofsaaklik betrokke by die boerderygemeenskap en besighede in die dorp, terwyl heelwat in omliggende dorpe werksaam is. Ons gemeente bedien ook 'n tehuis vir verswakke bejaardes. Die gemeente beskik oor goed toegeruste geboue en 'n ruim, netjiese pastorie.

Leraarsprofiel:

Ons gemeente wil graag 'n leraar aanstel wat entoesiasies is oor sy liefde vir die Here en medemens. Ons verwag van die leraar om met skrifgetroue prediking, pastorale begeleiding en toerusting die gemeente tot geestelike groei sal lei. Covid-19 het 'n verandering in erediens bywoningspatroon veroorsaak en ons verwag van die suksesvolle kandidaat om onder hierdie omstandighede die gemeente en gemeenskap te lei om die evangelie onder alle ouderdomsgroepe uit te bou.

Algemeen:

- Die vergoeding en indiensnemingskontrak is onderhandelbaar.
- 'n Gemeenskapsprofiel is op aanvraag beskikbaar.
- Kerkraad van NG Kerk Coligny is onder geen verpligting om 'n aanstelling te maak nie.
- 'n Volledige CV met kontakbesonderhede van referente kan per e-pos gestuur word na die kerkkantoor: ngcoligny@treunw.co.za
- Navrae: Kerkraad – Mnr Lemmer Vermooten, 082 493 3850
Skriba – Mev Frieda Cronje, 018 673 1108
- **Sluitingsdatum: 31 Maart 2021.**



GEMEENTE KRAGGAKAMMA PORT ELIZABETH

stel die vakature vir 'n medeleraar bekend.

Die NG gemeente Kraggakamma is 'n voorstedelike gemeente met 1 068 belydende en 272 dooplidmate. Ons streef daarna om God se roeping vir ons: "Ons is God se fontein van liefde" op alle terreine van ons lewe uit te leef. Die persoon moet 'n hart hê vir die Here en die bediening van persone met 'n eietydse spiritualiteit, ouers, kinders en jongmense.

LERAARSPROFIEL:

- Liefde vir die Here en die Bybel as Woord van God.
- Jong dinamiese persoon – nie ouer as 30.
- Sterk leier en doener, maw iemand wat bereid is om voor te loop, voete te was en hande vuil te maak.
- 'n Gawe vir Woordverkondiging.
- Gawe en passie vir gesins-, jeug en kinderbediening. Bereid om jeug op hulle terrein te ontmoet en te dien.
- 'n Spanwerker wat gemaklik is met verskillende bedieningstyle en ouderdomsgroepe.
- Entoesiasies deelneem aan gemeente-aktiwiteite.
- Verantwoordelikheid kan aanvaar vir die kleingroepbediening.
- Ons aan nuwe wêreld (buite die boks) kom bekendstel.
- Passie het, nie net vir die gemeente nie, maar ook vir die gemeenskap. Vat mense saam om buite die gemeentegrense die Here se fontein van liefde te wees.
- Gemaklik is met multikulturele bediening.
- Vaardig is in elektroniese/digitale bediening.

VERGOEDING:

Vergoeding sal, volgens die riglyne van die sinodale skaal, onderhandel word. Behuising word voorsien.

AANSOEKE:

Alle aansoeke moet vergesel word van die volgende:

- Deel jou stiltetydprogram met ons. Watter waarde het dit vir jou?
- 'n Volledige CV met drie referente.
- Gee beskrywing van drie jeug-/uitreikbedieninge waar jy leiding geneem het en name van persone wat saam betrokke was.

Sluitingsdatum vir aansoeke is Woensdag 24 Maart 2021.

Kandidate moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en moontlike preekbeurt.

Rig alle aansoeke aan: kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Aanstellingsdatum: 1 Junie 2021.

Navrae: Niekie Oosthuizen (sel: 082 561 8747)
Ds MG van Rooyen (sel: 083 413 7100)

Die kerkraad behou homself die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Dana op reis

Dana Snyman
Foto: Adrian de Kock



Gebed van 'n woedende man

Mense word so kwaad. Jy word woedend, en kyk jy rondom jou, sien jy ander mense se woede. In die strate. Op die televisie. Op Facebook en Twitter en op webwerwe. In die koerant. Oral. Woede. Ook in die kerk.

Ek voel die woede in myself. Soms voel dit asof woede makliker vir my kom as liefde. Of iets soos woede. Gebelgdheid. Die Bybelse toornigheid.

Jy voel verontreg oor bepaalde dinge, en dit maak jou toornig. Die woede bou op en gaan sit diep in jou. Soms kom dit uit op maniere wat jouself verras. Ek sien net daardie Vrystaatse politikus se gesig op die TV, dan begin ek byna dadelik lelike goed vir en oor hom sê. Hy wat sê: “Ek is onskuldig. Ek het niks verkeerd gedoen nie,” terwyl die provinsie waaroor hy geheers het in stukke is oor die korrupsie en wanbestuur waaraan hy aandadig is.

Dieselfde met ons gewese president. Sien ek hom in die koerant of iewers, sukkel ek om 'n sagte woord te vind om my grimmigheid mee af te weer. In sulke oomblikke kyk ek soms boontoe, en sê: “Vergewe my.”

Ek hou nie van myself as ek só is nie. Ek voel 'n bietjie soos ek dink daardie figuur in Edvard Munch se skildery “Die Gil” behoort te voel net voor hy aan die skree geraak het.

'n Mens kan seker sê ek is 'n rassis, maar ek word net so kwaad vir mense wat rassistiese dinge sê of rassistiese uitsprake maak. Dit voel of daar al hoe meer van hulle op Facebook is. Wit en swart rassiste, hoewel party mense sê 'n swart mens kan nie rassisties wees nie. Dalk moet ek vir die mense wat dit sê ook kwaad wees. Ek weet nie.

Sien ek vir Donald Trump voel ek ook dadelik skuins. Die gewese president van Amerika. Hy wat waarskynlik meer as enigiemand anders in ons tyd woede vir baie iets aanvaarbaar, selfs



edel, gemaak het. Trump met al sy tierende Twiëts. Trump wat links en regs mense afdank en verdoem. Wat van Jesus weerspieël hy?

Natuurlik is daar baie mense wat weer vir my sal kwaad word omdat ek nie van Trump hou nie. Regses, wat nie van gays hou nie. Hulle sal weer sê ek is 'n liberalis, wat 'n nuwe wêreldorde tot stand wil bring. Ons het allerhande name vir mekaar, ons wat vir mekaar kwaad word.

Die meeste mense vir wie ek kwaad raak, het ek nog nooit ontmoet en sal ek ook nooit ontmoet nie. Ek ken hulle nie

werklik nie. Ons gewese president. En Donald Trump. En die vrou wat gisteroggend op my bakkie se stert in Vredenburg se hoofstraat gery en kwaai na my gegluur het nadat ek vir haar beduie het kom verby, kom net verby, en ry in jou maai in.

Dit is makliker as ooit tevore om iemand te laat verstaan jy is kwaad vir hom of haar. Eers sou jy die persoon se foonnommer of posadres probeer kry het en hom gebel of 'n kwaai brief vir hom geskryf het. Of by die koerant oor hom gekla het. Meestal sou jy dit eerder gelos het. Alles was te omslagtig.

Maar nou kan jy jou woede en verontwaardiging met daardie een en die wêreld deel. Op Facebook of Twitter of waar ookal. Gou sal jy reaksie kry van iemand wat nie saam met jou stem nie. Dikwels sal julle kwaad vir mekaar raak en dinge vir mekaar begin sê wat julle dalk nie sou gesê het as julle mekaar in die oë kon kyk nie.

Soms gaan slaap jy kwaad vir mense vir wie jy lelike dinge gesê het waarvoor jy nooit sal kan jammer sê nie.

Soms gaan kyk ek na die profiele van die mense vir wie ek op Facebook kwaad word, en dink: Ons behoort nie kwaad vir mekaar te raak nie, ek en jy. Jy is al 'n ouma of 'n oupa. Kyk jou kleinkinders. Kyk die mooi rose in jou tuin. En jy skree ook vir die Stormers.

Woede maak jou iets minder as 'n mens. Ek voel dit. Dit is hier. In my. Ek skreeu op my bure se blaf-blaffende hond, en terwyl ek dit doen besef ek ek doen dit omdat ek kwaad is vir 'n klomp ander dinge ook. Dit smeul by tye in my. Soms moet mense naby aan my dit ontgeld omdat ek oor die algemeen verontwaardig voel.

Baie word op die oomblik geskryf en gesê oor die gees van woede wat in die wêreld heers. “Age of anger,” noem die Brit, Pankaj Mishra, sy jongste boek. Ons almal streef na 'n beter wêreld en land en stad en dorp en woonbuurt en gemeente en skool en ... en ons verskil oor hoe dit moet gebeur. “The air is laden with the promises of large and small prophets,” haal Mishra die Duitse sosiooloog, Karl Mannheim, aan.

Op die ou end kom 'n mens weer terug by Daardie Gebod. Of nie?

Die grootste gebod: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.

En om dit uit te leef en te probeer regkry, is jy op 'n lang reis – 'n reis wat nooit ophou nie, teen woede in. Gee my krag daarvoor, Here. Staan my by.

Amen.

GLO-STORIES

In *Glo-stories* kry jy twee unieke stemme in een boek. 'n Storieverteller en 'n dominee wat Sistematiese Teologie doseer. Twee van *Kerkbode* se gewildste skrywers, Dana Snyman en Nadia Marais, nou in 'n medium wat nie so vlietend soos die slimfoon of frommelbaar soos die papierkoerant is nie.



BM
Bybel-Media

R140